

HOOFSTUK 2

DIE SWAKSIENDE KIND IN OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF - 'N LITERATUUROORSIG

INLEIDING

In die onderhawige hoofstuk sal die problematiek van swaksiendheid vanuit verskillende gesigspunte beskou word. Daar sal in die eerste instansie op die vernaamste beskouinge met betrekking tot die begrippe "swaksiendheid" en die "swaksiende" kind uit kontemporêre literatuur gelet word. Nadat die verskillende beskouinge krities ge-evalueer is, sal daar tot 'n eie begripsomskrywing van die swaksiende kind oorgegaan word.

Daar sal vervolgens in hierdie hoofstuk op enkele psigologies-pedagogies-didaktiese implikasies van swaksiendheid gelet word deur enkele persoonsbeelde van swaksiende kinders in oënskou te neem. Dit sal geskied deur te let op die bevindings uit kontemporêre, veral Suid-Afrikaanse, ondersoeke en deur 'n ontleding te doen van persoonsbeelde van 'n aantal swaksiende leerlinge aan die Prinshofskool vir Swaksiendes te Pretoria.

Uit hierdie verskillende perspektiewe sal dit duidelik word dat een van die kernprobleme waarmee die swaksiende kind gekonfronteer word, saamhang met suksesvolle toetrede tot die beroepsektor.

Hierdie vae beroepstokoms van die swaksiende kind sal in 'n afsonderlike paragraaf nader toegelig word en daar sal aangedui word dat een van die basiese eise wat die swaksiende kind aan die onderwys stel is om aan hom 'n toekomspektief te gee deur benewens algemeen vormende onderwys, reeds die nodige doeltreffende beroepsoriëntering en voorbereiding vir suksesvolle beroepsbeoefening te verskaf.

2.1 ANGLO-AMERIKAANSE BESKOUINGE OOR DIE SWAKSIENDE KIND EN SWAKSIENDHEID

Uit 'n oorsig van die literatuur wat op die aangeleentheid van swaksiendheid betrekking het en uit die onderhoude en samesprekings wat met gesaghebbendes gedurende hierdie navorsing plaaslik en oorsee gevoer is,¹ kan die stelling reeds hierby aanvang geponeer word dat daar nie 'n aanvaarbare definisie van swaksiendheid of van die swaksiende kind teëgekom is nie.

Aan 'n beskrywing van die swaksiende kind is daar vele begrensinge, moontlikhede en probleme verbonde as gevolg van die indiwiduele verskille wat tussen die kinders bestaan met betrekking tot die fisiese oogkondisie, motoriese aanleg en vaardighede en die samestelling van die persoonstruktuur wat van kind tot kind verskil ten opsigte van persoonlikeheidseienskappe soos intelligensie, belangstelling, temperament en so meer. Hierby moet genoem word dat in die meeste definisies en omskrywings van swaksiendheid daar reeds kriteria vir swaksiendheid opgesluit lê.

Skrywers soos Pretorius² en Sonnekus³ onderskei in die sogenaamde gangbare literatuur tussen twee strominge of sieninge, te wete die Anglo-Amerikaanse en Wes-Europese sieninge.

Aan die eersgenoemde groep pedagoëse adres word dit gelê dat hulle 'n "skoolgesentreerde"⁴ benadering het vanweë sekere terminologie wat in die lande gebruik word wat betrekking het op die skool en die organisasie van die onderwys. Die stelling word dan gemaak dat die Anglo-

-
1. Kyk Bylae F vir die name van persone met wie daar onderhoude gevoer is en wat die vraelyste in Bylaes A, B, C, D en E met betrekking tot die onderwyspraktyk vir swaksiendes beantwoord het.
 2. Pretorius, J.W.M. 'n Verkenning van die taalwêreld van die slegsiende kind, pp.215-216.
 3. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die slegsiende kind, Opvoedkundige Studies, no. 55, p.2; Vgl. ook Die problematiek van die slegsiende kind: 'n fenomenologies-pedagogiese ondersoek, Tijdschrift voor orthopedagogiek, Julie/Aug. 1968, p.186.
 4. Ibid., p.3.

Amerikaanse benadering 'n "skoolse benadering" is.

Die ander siening, volgens genoemde skrywers, is die fenomenologiese⁵ benadering soos verteenwoordig op die vasteland van Europa. In laasgenoemde siening wend die pedagoog hom direk tot die swaksiende kind en dan word terminologie soos "kinderen met beperkt gezichtsvermogen" en "sehbehinderte Kinder"⁶ aangehaal ter ondersteuning van die genoemde stelling.

Afgesien van die gebruik van besondere terme in spesifieke lande, soos hierbo genoem, is dit moeilik om uit die literatuur afgebakende denkrigtings te onderskei. Dat daar uiteenlopendheid van beskouinge omtrent die swaksiende kind en die begrip swaksiendheid (by verskillende persone) aangetref sal word, is voor-die-hand-liggend; dat op 'n hele kontinent 'n uniforme opvoedingsfilosofie aangetref sal word, is onwaarskynlik en nie getrou aan die aard van die mens nie.

Ofskoon haar geskrifte in sekere kringe as verouderd beskou word, word Winifred Hathaway, wat nou verbonde is aan die National Society for the Prevention of Blindness in New York, nog beskou as 'n gesaghebbende op die gebied van gesigsgestremdheid. Kriteria vir swaksiendheid wat deur haar geformuleer is, word nog in 1972 aangehaal.⁷

In 'n 1947-uitgawe van haar werk, maak sy reeds die stelling dat: "No definition of a partially seeing child is universally applicable. The term is variously interpreted in different communities."⁸

In 'n hersiene uitgawe van haar werk in 1959 klassifiseer Hathaway die swaksiende kind as volg: "Children having

5. Sonnekus, M.C.H. Op.cit., pp.2-3.

Pretorius, J.W.M. Op.cit., p.215.

6. Loc.cit.

7. Love, H.D. Educating exceptional children in regular classrooms, pp.63-64.

8. Hathaway, W. Education and health of the partially seeing child, 1947, p.13.

a visual acuity of 20/70 or less in the better eye after correction. Such children, must, however, have a residue of sight that makes it possible to use the chief avenue of approach to the brain.

"Children with a visual deviation from the normal who, in the opinion of the eye specialist, can benefit from the special education facilities provided for the partially seeing."⁹

Die skryfster wys daarop¹⁰ dat daar verskillende faktore is wat in aanmerking geneem moet word by die oorweging of 'n leerling in 'n spesiale klas in die gewone skool geplaas moet word of nie. Sulke beslissings moet deur die oftalmoloog in noue samewerking met die psigoloog en opvoedkundiges geneem word. Elke kind moet ooreenkomstig sy eie behoeftes beoordeel word. Sy beklemtoon die feit dat soos opvoeders (opvoedkundiges) dikwels weinig kennis het van mediese aspekte, so is die oftalmoloog nie altyd vertrouwd met die pedagogiese aspek van swaksiendheid nie.¹¹

Hathaway se siening in verband met die swaksiende kind is op die Amerikaanse lees geskoei wat die integrasie van die swaksiende in die gewone skole voorstaan. Dit is 'n aan geleentheid wat onder die organisasie van die onderwys van swaksiendes tuishoort en sal in hoofstuk 3 bespreek word. Wat egter betekenisvol is in haar omskrywing van die swaksienende kind, is dat sy op beide die medies-fisiologiese en pedagogiese aspekte let.

Ashcroft stel sy siening met betrekking tot wat hy onder 'n swaksiende verstaan as volg: "the partially-seeing children are those children who retain a relatively low degree of vision and can read only enlarged print or those who have remaining vision making it possible for them to read limited amounts of regular print under very special conditions."¹²

9. Hathaway, W. Education and health of the partially seeing child, p.16.

10. Hathaway, W. Op.cit., 1947 uitgawe, p.14.

11. Loc.cit.

12. Ashcroft, S.C. and Harley, R.K. "The visually handicapped". Review of Educational Research, XXXVI: No. 1, pp.77-78.

Ashcroft haal die Amerikaanse skrywer Jones¹³ aan wanneer hy daarop wys dat daar 'n tendens is om visuele gestremdheid vanuit 'n pedagogiese standpunt te sien in plaas van om dit in mediese en wetsterme te definieer.

Visuele gestremde leerlinge is volgens Jones¹⁴ die leerlinge wat geen visie het nie, of wie se gesigsbeperking na korreksie sodanig is dat hulle onderwyskundig belemmer word indien daar nie vir hulle spesiale voorsiening gemaak word nie. In hierdie verband word groot waarde geheg aan die aktiewe benutting van die bestaande gesigsreste. Wanneer daar oor 'n leerling besluit moet word met betrekking tot spesiale onderwysprogramme, dan word daar hoofsaaklik oorweëging geskenk aan "the extent to which a child's visual impairment handicaps him in school rather than on the extent of visual loss."¹⁵

Hierdie beskrywing van die swaksiende kind deur Ashcroft en Jones hou die besondere verdienste in dat daar nie gepoog word om die swaksiende kind bloot vanuit 'n mediese of numeriese standpunt te definieer nie. Wanneer Jones se beskrywing van swaksiendheid oorgaan tot 'n norm of kriterium dan word die numeriese op die agtergrond gestel en plaas hy die swaksiende in die kader van die ortopedagogiek, dit wil sê die swaksiende kind se gestremdheid beperk hom in sy gewone skoolprogram of in sy opvoedbaarheid.

Bertram¹⁶ gaan van die standpunt uit dat die swaksien=de iemand is wat kan sien en sy visie gebruik in sy kennis=verbreëing en ondersoek van die werklikheid. Vanuit pedagogiese perspektief gesien is dit van primêre belang dat die kind in totaliteit in sy maatskaplike struktuur sal ontwikkel, sy eie individuele andersheid ten spyt.¹⁷

13. Ashcroft. S.C. Blind and partially seeing children. In Exceptional children in the schools, p.414.

14. Loc.cit.

15. Loc.cit.

16. Bertram, F.M. The education of partially sighted children. In Education of Exceptional Children and Youth, (Eds. Cruickshank, W.M. and Johnson, G.O.), p.265.

17. Loc.cit.

Bertram waag haar nie aan 'n spesifieke definisie van swaksiendheid nie, maar gee wel die volgende algemene kriterium, naamlik 'n visussyfer van 20/70 (6/24 Snellen) of swakker in die beste oog nadat die moontlike korreksie aangebring is.¹⁸ Verder sluit sy leerlinge in die kategorie swaksiendes in as 'n oogarts of onderwysowerheid sou bepaal dat hulle skolasties beter baat sou vind by die besondere onderwysfasiliteite wat vir swaksiendes voorsien word,¹⁹ met ander woorde leerlinge wat op ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aangewys is.

As uiteindelijke doelstelling met die onderwys van swaksiendes stel Bertram die ideaal soos vir alle Amerikaanse burgers²⁰ te wete selfverwesenliking, harmonieuse menslike verhoudinge, ekonomiese doeltreffendheid, burgerlike verantwoordelikheid en meer in besonder "to assist children with visual impairment to adjust to their disability to the end, that they may be enabled to build a personality capable of facing that disability, modifying their behaviour accordingly, and thereby attaining a personality strong enough to maintain balance and stability and competency in meeting life situations."²¹

Hierdie voorafgaande doelstelling met die onderwys van die swaksiende weerlê die bewering dat die Amerikaanse pedagoog hom nie direk tot die kind wend nie en 'n "skoolse" benadering sou voorstaan soos by die aanvang van hierdie hoofstuk uiteengesit is.

Omdat die swaksiende hom in die maatskappy as 'n siende persoon moet handhaaf, aldus Bertram, moet die kurrikulum van die skool ook in navolging van die standaard kurrikulum wees en moet die swaksiende in die geleentheid gestel word om deel te neem aan die aktiwiteite en ervarings wat aan alle leerlinge gebied word.²² Sy skets die fisiese, intellektuele

18. Loc.cit.

19. Ibid., p.266.

20. Ibid., p.269.

21. Loc.cit.

22. Bertram, F.M. The partially seeing child. In Exceptional children, Oct. 1953, p.12.

en emosionele behoeftes van die swaksiende wat deur die onderwyser in gedagte gehou moet word wanneer die onderwysprogram saamgestel word.²³

Die waarde van Bertram se beskouing lê veral daarin dat sy waarsku teen veralgemening en massafikasie wanneer dit by die onderwys van die swaksiende kind kom en dat sy die individualiteit en besondere entiteit van die swaksiende as 'n unieke mens hoog aanslaan. "Each is a separate and distinct personality - unique in his own personal traits, a structured entity with varying degrees of integration, and part of an environment in which he must learn to function."²⁴

Besonder betekenisvol is die plek wat Bertram in die pedagogiese gebeure aan die onderwyser toeken. Sy beklemtoon die persoonlike kommunikasie tussen onderwyser en kind en waarsku dat die pedagoog nie vervang kan word met tegniese hulpmiddels (gadgets) soos grootdrukboeke, vergrootglase, bandopnemers en so meer nie.²⁵

In Engeland plaas Jackson nie klem op numeriese kriteria vir swaksiendheid nie wanneer hy die definisie van die Britse Ministerie van Onderwys van swaksiende kinders aanhaal, naamlik: "Pupils who by reason of defective vision cannot follow the normal regime of ordinary schools without detriment to their sight or to their educational development, but who can be educated by special methods involving the use of sight."²⁶

Jackson vermy numeriese definisies van swaksiendheid en die swaksiende kind, omdat die swaksiende nie slegs op grond van sy oogkondisie na 'n skool vir swaksiendes oorgeplaas moet word nie.²⁷

23. Bertram, F.M. The Education of partially sighted children. In Education of exceptional children and youth, pp.270-273.

24. Ibid., p.291.

25. Loc.cit.

26. Jackson, S. Special Education in England and Wales, p.64.

27. Loc.cit.

Hierdie standpunt was baie pertinent deur skoolhoofde van skole vir swaksiendes in Engeland gestel, met wie daar onderhoude gedurende hierdie ondersoek gevoer is. Op persoonlike vrae²⁸ in die verband antwoord mnre. S.F. Wright²⁹ en G. Marshall³⁰ van skole vir swaksiendes in Londen en Coventry respektiewelik, dat om slegs die visie van 'n kind medies te bepaal, sonder 'n psigologiese en pedagogiese evaluering, en op grond daarvan 'n kind te identifiseer as 'n kandidaat vir 'n skool vir swaksiendes, is sinneloos.

'n Numeriese kriterium gaan vir Marshall glad nie op nie. Daar is volgens hom te veel faktore wat swaksiendheid beïnvloed. Hy noem gedurende die samesprekinge die hipotetiese geval van 12 verskillende kinders met katarak van dieselfde aard en graad en beweer dat sommige van hulle as blindes onderwys sal ontvang, 'n tweede groep as swaksiendes sal kwalifiseer en die derde groep onderwys aan 'n gewone skool sal kan ontvang en maatskaplik nie as swaksiende sou beskou word nie. Hierdie situasie bestaan omdat by elkeen van die leerlinge individuele verskille na vore kom met betrekking tot intelligensie en die vermoë om die gesigsres optimaal te benut. Die mens is dus nie definieerbaar in terme van syfers alleen nie.

Ten einde tog 'n leidraad aan beamptes wat met oorplasing van leerlinge na skole vir swaksiendes gemoeid is, te verskaf, is die volgende tradisionele numeriese kriteria deur die Britse Ministerie van Onderwys neergelê:³¹

"a. Severe visual disabilities to be educated in special schools by methods involving vision - 3/60 to 6/24 (Snellen) with glasses.

"b. Visual impairment to be educated at ordinary schools by

28. Kyk Bylae C, vraag 6.

29. Wright, S.F. Prinsipaal van die John Aird School, Cobbold Road, Londen. Bylae F.

30. Marshall, G. Prinsipaal, Exhall Grange School, Coventry. Kyk Bylae F.

31. Jackson, S. Special education in England and Wales, p.64.

special consideration - better than 6/24 with glasses."

Dat hierdie numeriese kriteria geen betekenisvolle faktor in die identifisering van swaksiendes in die praktyk is nie, word duidelik as op die volgende enkele visussyfers gelet word van swaksiende leerlinge uit lêers van die Special Services Section, Inner London Education Authority, wat tydens 'n persoonlike besoek van die skrywer aan hulle kantore voorgelê is. Die volgende visussyfers is na korreksie, waar moontlik:

O.D.	O.S.
Seun 6/18 Snellen	6/6 Snellen
Seun 6/9 Snellen	6/18 Snellen
Seun 6/60 Snellen	6/60 Snellen
Seun 6/9 Snellen	6/9 Snellen
Seun 6/12 Snellen	6/36 Snellen
Meisie 6/18 Snellen	6/12 Snellen
Meisie 6/60 Snellen	6/36 Snellen
Meisie 6/60 Snellen	6/18 Snellen
Meisie 6/36 Snellen	6/60 Snellen

Hierdie syfers verteenwoordig slegs 'n steekproef wat deur die skrywer gedoen is en het betrekking op leerlinge wat afkomstig is van skole vir swaksiendes wat deur die Special Services Section in verskillende beroepe geplaas is.³²

As daar suiwer net op die visussyfers van hierdie leerlinge gelet word, sonder inagneming van ander moontlike bykomstige faktore soos byvoorbeeld die intelligensie van die leerlinge, temperament, toekomsingesteldheid en so meer, kan daar maklik tot die gevolgtrekking geraak word dat hierdie leerlinge inderdaad nie ernstige gesigsprobleme ondervind nie. Dit bevestig die beskouing dat blote numeriese visussyfers slegs 'n aanduidende faktor by die identifisering van swaksiende leerlinge, met die oog op buitengewone onderwys,

32. Inligting verskaf deur mevrou M.C. Clark, Senior Careers Officer, Special Services Section, Inner London Education Authority, 45 Sidmouth Street, London WC1H, 6 April 1972. Kyk Bylae F.

kan wees.

Lightfoot, 'n bekende in Engeland op die gebied van swaksiendheid, is die mening toegedaan dat ten spyte van voorskrifte, kriteria en handleidings met betrekking tot die identifisering van swaksiendes, in besonder vir uitplasing in spesiale skole, veral miopiese leerlinge nie sonder meer na spesiale skole gestuur moet word nie.³³

Die rede wat hy hiervoor aangee is dat ofskoon die skool vir swaksiendes sig ten doel stel om swaksiende leerlinge op gelyke skolastiese peil met leerlinge in die gewone skool te bring, dit in die reël 'n jaar langer neem.³⁴

Leerlinge moet eerder aangemoedig word om hulle gesigsreste ten volle te benut en tensy daar okulêre degenerasie is kan miopiese kinders met 'n relatiewe hoë visussyfer, na korreksie, indien moontlik, in 'n sitplek voor in die klas van die gewone skool tereg kom.³⁵

Lumsden in Engeland sien die gestremde kind in terme van die onderwysopset, in besonder met betrekking tot die risiko's wat die onderwys vir hom inhou.³⁶

Die besondere onderwys (Special Education) wat hom met die gestremde kind besig hou, word dan as volg deur Lumsden gedefinieer: "... the distinguishing feature of special education is that it is designed for children who in any way show increased liability to faulty educational development to such an extent that the educational system should show care for and interest in them beyond the usual."³⁷

Gestremde kinders, wat by implikasie ook die swaksiende insluit, verg volgens Lumsden besondere sorg "because they have an increased liability for things to go wrong."³⁸

33. Lightfoot, W. The partially sighted school, p.16.

34. Ibid., p.17.

35. Loc.cit.

36. Lumsden, J. What is special education?, p.10.

37. Loc.cit.

38. Loc.cit.

Hierdie standpunt van Lumsden verdien besondere akklamasie, want dit dui op die noodsaaklikheid van besondere ortopedagogiese hulp- en steungewing aan die swaksiende in sy verwerking van sy gestremdheid en sy poging om 'n eie wêreld te konstitueer.

In 1958 skryf Lumsden³⁹ aan die "Komitee vir onderwysgeriewe aan Swaksiende leerlinge" in Suid-Afrika dat met betrekking tot die beskrywende en numeriese kriteria wat vir swaksiendes deur die Britse Ministerie van Onderwys neergelê is, 'n swaksiende selde binne die kategorie van swaksiendheid val as sy gesigskerpthe na korreksie 6/24 Snellen is.

Wat sy standpunt omtrent 'n omskrywing of definisie van swaksiendheid en die swaksiende kind betref, skryf hy: "As one connected with the children's education I naturally like a definition and criteria couched in educational terms, rather than couched in physical or medical terms. What matters is the education the child receives."⁴⁰

Hierdie beskouing van Lumsden, wat vir baie jare in die buitengewone onderwys gestaan het, verteenwoordig die jongste siening onder opvoedkundiges in Engeland en dit plaas die swaksiende leerling binne ortopedagogiese en ortodidaktiese perspektief, in besonder as die woord "education" ook in die konnotasie van "opvoeding" en nie slegs as "onderwys" gesien word nie.

Tydens persoonlike besoeke aan en onderhoude met skoolhoofde in Engeland was niemand bereid om die swaksiende kind in terme van visussyfers en mediese terme of onderwysorganisasie alleen te beskryf nie wanneer leerlinge geïdentifiseer word met die oog op toelating tot die buitengewone onderwys nie.

Dit is nie die doel van hierdie studie om in die bresse te tree of om 'n saak uit te maak vir die Amerikaanse

39. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Komitee oor onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge, 1958. (Voors. L. van Schalkwyk), aanhangsel, pp.3-4.

40. Ibid., p.4..

en Engelse pedagoë wat met die opvoeding van die swaksiendes in hulle betrokke lande gemoeid is nie, maar vanuit 'n wetenskaplike standpunt gesien val dit moeilik om die genoemde stellings⁴¹ met betrekking tot die Anglo-Amerikane te onderskryf.

Uit die oorsig van die literatuur en die persoonlike getuienis aangehoor, word daar eerder tot 'n teenoorgestelde gevolgtrekking gekom, naamlik dat weinig, indien enige, waarde aan visussyfers, mediese kriteria, skoolorganisasie en dies meer geheg word. Ofskoon dit nie partikulier fenomenologies gestel word nie, word daar telkens klem op gelê dat die kind in totaliteit gesien moet word en dat die "education" (onderwys en opvoeding) van die kind die belangrikste faktor is en nie een van die ander faktore wat hierbo genoem is nie.

2.2 WES-EUROPESE SIENINGE OOR SWAKSIENDHEID

Die onvermoë van ortopedagoë om 'n klinkklare beskrywing of definisie van swaksiendheid of die swaksiende kind te gee, word baie sterk deur die Nederlandse ortopedagoog Oost beklemtoon as hy sê: "Wat we echter onder slechtziendheid moeten verstaan weten we niet; een uitputtende definitie bestaat niet. We zijn er nog niet in geslaagd te beschrijven welke betekenis gehecht moet worden aan die bepaalde term slechtziendheid."⁴²

41. Vgl. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die slegsiende kind. Tijdschrift voor orthopedagogiek, Julie-Augustus 1968, pp.183-186;

Ibid., Die problematiek van die slegsiende kind.

Opvoedkundige Studies, nr. 55, p.2-3;

Pretorius, J.W.M. 'n Verkenning van die taalwêreld van die slegsiende kind, pp.215-223.

42. Oost, P.S.N. "Naar dagonderwijs voor slechtzienden", Tijdschrift voor Orthopedagogiek, April 1964, p.114.

Vgl. (i) Van Veelen, A.W.C. Kinderen met beperkt gezichtsvermogen in Tussen Licht en Donker, 1964, p.73.

(ii) Van Weelden, J. Blinde Kinderen, pp.8 en 9.

(iii) Hoefnagels, J.P.A. Blindheid-Slechtziendheid, Visueel gehandicapten, pp.19-20.

Ofskoon Oost, deur die bogenoemde stelling, die indruk mag skep dat hy vaag omtrent die begrip swaksiendheid is, lewer hy tog verskeie ander uitsprake omtrent die aangeleentheid waar hy 'n meer bepaalde standpunt inneem.

In dieselfde artikel maak hy die stelling dat die swak=siende 'n siende mens is⁴³ en brei hierop in sy jaarverslag van die Prins Alexander Stichting, waarvan hy die direkteur is, in 1966 uit deur by te voeg dat die swaksiende "tot een zodanige visuele prestatie gebragt moeten worden, dat hy in het maatschappelijke verkeer kan meekomen",⁴⁴ want, sê hy, die maatskappy hou geen rekening met 'n beperkte gesigsvermoë nie."⁴⁵

Die skrywer waag hom tog aan 'n beskrywing van die swaksiende kind as hy sê dat dit kinders is met 'n beperkte gesigsvermoë wat as gevolg van hulle verminderde gesigspres=tasie nie die gewone onderwys kan volg nie, maar tog as gevolg van die omvang van hulle gesigsvermoë medies en maat=skaplik as siendes beskou kan word.⁴⁶

Op 'n persoonlike vraag gedurende hierdie ondersoek, tydens 'n besoek aan die Prins Alexander Stichting, beklemtoon Oost dit weer eens dat nie met sekerheid verklaar kan word wat swaksiendheid is nie, maar dat 'n "ruwê" beskouing as volg geformuleer kan word: "Een kind dat op grond van zijn gezichtvermogen niet kan meekomen op de gewone lagere school, is gebonden om zwakziende te zijn."⁴⁷

Hy wei verder hierop uit en stel dit dat as die leer=ling met sy beperkte gesigsvermoë op die primêre skool⁴⁸ wel tereg kan kom, homself daar kan handhaaf en daar kan bly,

43. Ibid., p.115.

44. Prins Alexander Stichting, Huis-ter-Huide, Jaarverslag 1965/1966, p.23. Vgl. Van Weelden, J. De pedagogische ontmoeting met het blinde kind, p.37.

45. Oost, P.S.N. Naar dagonderwijs....., op.cit., p.115.

46. Ibid., p.114.

47. Antwoord van mnr. P.S.N. Oost op vraag 6(a). Kyk bylae D, 19 April 1972.

48. In Nederland staan die primêre skool bekend as die "basisschool".

dan is hy wetlik en in sosiale sin geen swaksiende nie. Hy is dan alleen swaksiende wanneer hy "voor sy eie gesig te staan kom", dit wil sê as hy persoonlik die belemmering ~~er~~ vaar of daarmee in 'n situasie gekonfronteer word.

Oost definieer die swaksiende verder vanuit ortopedagogiese en ortodidaktiese perspektief: "Pas wanneer een stel orthodidaktiese en orthopedagogiese maatregelen nodig blyk om geestelike en lichamelijke groei van een slechtziend kind sonder 'kleerscheure' te doen verlopen, rekenen we dat kind tot die slechtzienden in eienlijke zin."⁴⁹

Die verdienste van Oost se siening van die swaksiende lê daarin dat hy die swaksiende vanuit pedagogiese en maatskaplike standpunt benader en in ruimer perspektief sien as net 'n oogkundige of oogheelkundige aangeleentheid. Hy maak verder die stelling gedurende die genoemde samespreking dat die aanpak van die onderwys van elke swaksiende kind aan sy skool in wese 'n ortopedagogiese en ortodidaktiese aangeleentheid is, vandaar dat daar nie 'n spesiale ortopedagoog aan sy skool verbonde is nie. Elke onderwyser moet self die nodige ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aan die swaksien- de verskaf waarop hy aanspraak maak.

Binne die personeel moet daar 'n ortopedagogiese en ortodidaktiese "mentaliteit"⁵⁰ bestaan, andersins word dit maklik vir die onderwyser om sy taak aan 'n ander, dit wil sê die amptelike ortopedagoog van die skool, op te dra.

Oost vermy dit doelbewus om definitiewe en rigide grense of kriteria vir swaksiendheid daar te stel, omdat daar volgens hom nie absolute kennis oor die omstandighede wat swaksiend- heid as verskynsel omring, bestaan nie.

Swaksiendheid is vir hom 'n woord en nouliks 'n begrip, want as begrip ly dit vir hom aan te veel dubbelsinnighede.⁵¹

49. Oost, P.S.N. Naar dagonderwijs. Op.cit., p.114.

50. Oost, P.S.N. In persoonlike onderhoud.

51. Oost, P.S.N. Bylae C, vraag 6(b).

Ten slotte verwys hy na die Nederlandse Statutêre omskrywing van wat onder swaksiende kinders verstaan word, aldus die Besluit Buitengewoon Lager Onderwijs.⁵²

- "a. Leerlingen die door een verminderd gezichtsvermogen het gewone onderwijs niet kunnen volgen, doch voldoende gezichtsvermogen bezitten om onderwezen te worden volgens speciale methoden die het gebruik van gezichtsvermogen als voorwaarde stellen.
- b. leerlingen, lijdend aan een vorm van kwaadaardige myopie of enig ander progressief ooggebrek."

Wanneer dan besluit moet word of 'n leerling wat as gevolg van sy gesigsgebrek nie die gewone onderwys kan volg nie, tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat moet word, dan word so 'n beslissing deur 'n kommissie geneem wat deur die Besluit Buitengewone Onderwijs van 1967, Artikel 64, saamgestel is. Oor die prosedure van toelating sal in 'n opvolgende hoofstuk in meer besonderhede ingegaan word.

Van Weelden,⁵³ in Nederland, onderskei tussen twee kategorieë swaksiendes, te wete:

1. "Zeer-slechtzienden", dit wil sê die persone wat hulleself visueel kan oriënteer, wat nie visuele skrif kan lees of skryf nie en dus op braille aangewese is, en
2. "slechtzienden", dit wil sê die kinders wat hulleself visueel kan oriënteer en wat visuele skrif kan lees en skryf.

Van Weelden maak ook die stelling dat daar in Nederland "geen gelijke mening over de slechtzienden" bestaan nie,⁵⁴ en hierdie kinders word soms in 'n skool vir blindes en soms in 'n afsonderlike skool vir swaksiendes aangetref. Veral

52. Koninkrijk der Nederlanden. Besluit Buitengewoon Onderwijs, 1947. Artikels 58 t/m 66, aangehaal deur Oost, P.S.N. in Tijdschrift voor Orthopedagogiek, Mei 1962, p.171.

53. Van Weelden, J. Blinde Kinderen, p.2.

54. Ibid., p.8.

leerlinge wat as "zeer slechtziende" beskou word, kom in die reël in 'n skool vir blindes te lande.

Wanneer hierdie leerlinge egter op 'n skool, anders as die gewone skool, aangewys word, maan Van Weelden, dat benewens die gesigskerpte, ander faktore soos onder meer die volgende in aanmerking geneem moet word by die plasing van 'n leerling:⁵⁵ die opvoeding wat die kind tuis gehad het; die mate waarin die kind geleer het om van sy gesigsreste gebruik te maak; intelligensie; algemene begaafdheid; belangstelling in motoriese aanleg. Al hierdie gemelde faktore speel 'n belangrike rol, in besonder wanneer daar 'n meningsverskil tussen die oogarts en die pedagoog mag ontstaan oor wat die swaksiende kind met sy oorblywende gesig moontlik mag uitrig.

Volgens Van Weelden⁵⁶ bestaan daar in Nederland, wat numeriese kriteria betref, geen uniformiteit nie en ten einde hierdie stelling te kwalifiseer, haal hy Hoefnagels⁵⁷ aan, naamlik: "Het begrip 'slecht sien' heeft echter zeer rekbare grenzen en het is dan moeilijk hiervoor een definitie te geven, als men ten minste van een definitie verlangt dat zij alles insluit wat erbij hoort en alles uitsluit wat buiten valt." Aansluitend by Oost, beskou Van Weelden die swaksienende as behorende tot die milieu van die siende mens.⁵⁸

In verband met hierdie vraag of die swaksiende 'n siende mens is of nie, noem H. van de Griend, hoof van die afdeling swaksiendes van die Bartimeüs Stichting in Zeist, Nederland, 'n betekenisvolle feit tydens 'n persoonlike gesprek gedurende 'n besoek wat deur die skrywer aan genoemde instituut afgelê is met die oog op hierdie navorsing. Hy beweer dat die swaksiende kind nie slegs 'n breuk van sy visie verloor het

55. Loc.cit.

56. Op.cit., p.9.

57. Hoefnagels, J.P.A. Blindheid-Slechtziendheid. Visueel Gehandicapten, Grave 1959, pp.19-20, aangehaal deur Van Weelden, op.cit., p.10.

58. Van Weelden, J. De pedagogische ontmoeting met het blinde kind, p.3'.

nie, maar dat as gevolg van die gesigsverlies die fisiese en psigiese gevolge vir die swaksiende sodanig is dat daar van 'n "karakterdeformatie" gepraat kan word, wat dit vir die swaksiende besonder moeilik maak om hom ten aansien van die siende maatskappy te oriënteer, in besonder met betrekking tot die eise wat die maatskappy aan hom stel.

'n Voorbeeld van 'n meer kliniese siening van die aan-geleentheid swaksiendheid spreek uit die stelling van Vedder,⁵⁹ 'n Nederlandse gesaghebbende op die gebied van die kinder-psigiatrie, as hy beweer dat leerlinge met 'n gesigskerpte van 6/24 Snellen tot 6/36 Snellen nog in staat is om die gewone onderwys te volg, maar as hierdie syfers daal tot 6/36 en 6/60 Snellen word die gewone onderwys baie moeilik vir swaksiende kinders en word buitengewone onderwys noodsaaklik.

Hierdie stelling berus op suiwer medies-kliniese grondslag sonder die nodige pedagogiese of ortopedagogiese perspektief, omdat dit die swaksiende kind in sy persoonstruktuur en in totaliteit heeltemal miskyk. Dit hou geen rekening met die individuele moontlikhede en andersheid van die kind nie, sowel as met die groot verskeidenheid van oogafwijkinge nie.

Hijmans van den Berg⁶⁰ sien die probleem van swaksiendheid vanuit die standpunt van die psigoloog wanneer hy op die psigiese gevolge van swaksiendheid op die persoonswording van die kind wys, maar plaas die probleem in pedagogiese perspektief as hy maan dat "a treatment which gives a central place to the child's visual defect is one-sided and is not of optimal use in the case of such children as most of our subjects are."⁶¹

59. Vedder, R. Kinderen met leer- en gedragsmoeilijkheden, p.114.

60. Van den Bergh, A.H. Hijmans. "Some observations in connection with the psychological examination of 40 partially sighted children". Advances in Ophthalmology, V.15, p.314.

61. Loc.cit.

Selfs al sou die visuele defek van die kind voorop staan in die pedagogiese bemoeienis met hom, moet daar nog toegesien word dat die kind as totaliteit (the whole person) geaktiveer en georiënteer word.

Beslissings wat met betrekking tot die onderwys van die swaksiende geneem word, is nie die taak van 'n enkele persoon nie, maar van 'n span vakkundiges, waarby die oftalmoloog en die ouers ingesluit moet wees, aldus Van den Bergh.⁶²

Op 'n baie realistiese en praktiese wyse benader Van den Bergh een van die wesenlike probleme met betrekking tot die onderwys van swaksiendes wanneer hy pleit vir doeltreffende indiensplasing. Om hierin te kan slaag beveel hy aan dat die nodige middele daarvoor geskep moet word deur middel van 'n indiensplasingseenheid om die beroepe vir die swaksiende te vind. Hierdie diens sal met verloop van tyd 'n heilsame invloed op sowel die toekomspektief van die swaksiende jeugdige as die gesindheid van die ouers hê.⁶³

Hy noem so 'n diens verder "... a means of substantially influencing the central experience of 'future' and the appeal towards adulthood."⁶⁴

Vir Vlietstra⁶⁵ lê die vernaamste probleem met betrekking tot die gestremde kind, wat ook die swaksiende kind impliseer, in sy beperkte kommunikasie.

Die normale kommunikasieproses is belemmer omdat die swaksiende se gebrek sy moontlikheid as ontvanger in die kommunikasieproses aan bande lê.⁶⁶

Die swaksiende se wêreld vir kommunikasie is klein en beperk en die buitengewone onderwys het as taak om vir hom

62. Loc.cit.

63. Ibid., p.115.

64. Loc.cit.

65. Vlietstra, N.Y. Openingsrede by 'n Nasionale Konferensie oor die gestremde kind, Universiteit van Pretoria, 1967, pp.9-10.

66. Loc.cit.

'n deur na die buitewêreld te open.

Van die drie kategorieë waarin gestremdes in Nederland ingedeel word, te wete, leergebrekkiges, leerbelemmerdes en Leergestoordes, ressorteer die swaksiende onder leerbelemmerdes.⁶⁷

In die onderwys van die gestremde beklemtoon Vlietstra veral die rol van die onderwyser (ortopedagoog) wat voldoende kennis moet besit om die taal van die medikus, die terapeut en die psigolcog ortopedagogies en ortodidakties te interpreteer,⁶⁸ dit wil sê hy moet weet hoe om met die gestremde kind te lewe en te kommunikeer in die pedagogies-didaktiese situasie.

Vir Vliegenthart⁶⁹ is die gestremde kind, wat ook die swaksiende kind insluit, iemand wat om hulp vra. "Er is een vraag-naar-zorg".⁷⁰ Benewens die sorg en hulp waarom die swaksiende kind vra, wil hy ook 'n selfstandige persoon wees. Hy vra om mee te doen aan die dinge van die mense, want die gestremde kind is ".... een kind van mensen"⁷¹ in 'n mindere of meerdere mate is hy medemens.

Vliegenthart gee nie 'n omskrywing van die swaksiende as sodanig nie, maar lewer eerder 'n pleidooi dat die ortopedagogiek moet soek na die wêreld van die gestremde kind, dit wil sê die wêreld waarin die gestremde verkeer moet pedagogies toeganklik word.⁷² Voorts beklemtoon hy die feit dat die gestremde kind 'n reg het op behandeling as medemens, net soos hy 'n geboortereg het op die kultuurgoedere.⁷³

67. Ibid., p.10.

68. Ibid., p.12.

69. Vliegenthart, W.E. Anders-zijn-en-mee-gaan-doen, pp.10-11.

70. Loc.cit.

71. Loc.cit.

72. Ibid., p.11.

73. Ibid., p.12.

Hy kom tot die slotsom dat die opvoeder die kind moet bring tot 'n sekere mate van aanpassing aan ons gekonstitueerde wêreld, dit wil sê die wêreld van die siende,⁷⁴ waarmee hy so goed moontlik moet klaarkom omdat hy nou eenmaal tussen ons leef sonder dat dit sy "eie wêreld" word.⁷⁵

Vliegenthart lig die postulaat toe deur te verwys na die gestremde (swaksiende) wat 'n goeie arbeider kan word in die werkkring van die nie-gestremdes, maar tog nie tuis is tussen hulle nie - hy is alleen tuis in 'n groep van soortgelyke gestremdes, "onder mensen met gelijke wereld."⁷⁶

Vliegenthart kom tot die verdienstelike konklusie dat die primêre taak van die ortopedagoog is om die gestremde kind te help om "de voor hem mogelijke vorm van mens-zijn in zijn bestaan te realiseren."⁷⁷

Lambert-Anema⁷⁸ verstaan onder kinders met 'n beperkte gesigsvermoë almal wie se gesigsvermoë nie honderd persent funksioneer nie, beginnende by diegene met geringe oogprobleme en eindigende by byna volslae blindes.⁷⁹

Sy is 'n sterk voorstander van die Amerikaanse stelsel waar die swaksiende sover moontlik in die gewone skool geïntegreer word.⁸⁰

Sy wys daarop dat daar aan etlike sentraalgeleë skole in Amerika spesiale klasse aan die skole ingerig word waarheen swaksiende leerlinge gaan slegs wanneer hulle spesiale hulp nodig het. Op dié wyse word voorsiening gemaak vir hulle besondere onderwysbehoefte, terwyl hulle tog soveel moontlik saam met die normaalsiende leerlinge verkeer. Hierdie benadering ten opsigte van die onderwys van swaksiendes kan volgens die skryfster "als de meest verantwoorde beschouwd worden."⁸¹

74. Ibid., p.17.

75. Loc.cit.

76. Loc.cit.

77. Vliegenthart, W.E. Anders-zijn-en-mee-gaan-doen, p.17.

78. Lambert-Anema, K.C. Kinderen met beperkt gezichtsvermogen, p.20.

79. Loc.cit.

80. Ibid., p.36.

81. Loc.cit.

Sy pleit verder dat die swaksiende kind, net soos alle ander kinders, afgesien van hulle visuele gestremdheid, reg het op dieselfde opvoeding wat hulle die geleentheid sal gee om later so gewoon moontlik in die maatskappy te lewe. Die leiding tot volwassenheid moet op dieselfde wyse geskied as wat die geval sou gewees het as die kind nie visueel gestremd was nie.⁸²

In die verband doen Lambert-Anema aan die hand: "Voed deze kinderen op in de 'ziende'-wereld te midden van goed=zienden kinderen dat de pedagogische houding van ouders en opvoeders zo min mogelijk word beïnvloed door het bestaande gebrek. Geen nodeloze overprotektie, maar zeker ook geen schaamtegevoel van ouders, ten gevolge waarvan in sommige gevallen zelfs geestelijke verwaarlozing tot gevolg kan zijn."⁸³

Hierdie integrasie van die swaksiende leerling in die gewone skool wat deur Lambert-Anema bepleit word, is 'n aangeleentheid waaroor die laaste woord nog nie gesprek is nie. Vele argumente kan daarvoor en daarteen aangevoer word. Omdat dit egter 'n aangeleentheid is wat op die gebied van die onderwysorganisasie betrekking het, sal dit in 'n volgende hoofstuk bespreek word.⁸⁴

Op hierdie stadium sal volstaan word deur te sê dat Lambert-Anema se beskouing in skerp kontras is met ander Nederlandse ortopedagoë soos byvoorbeeld Vliegenthart wat die "anders-zijn" van die swaksiende kind sterk beklemtoon en die swaksiende meer pertinent in ortopedagogiese perspektief sien.

In Nederland moet daar nog kortliks gelet word op Van Veelen se beskouing met betrekking tot die aangeleentheid van swaksiendheid.

82. Lambert-Anema, K.C. De didactisch pedagogische zorg voor het slechtziende kind, p.62.

83. Loc.cit.

84. Kyk hoofstuk 3, par. 3.5.

Hy stel dit by herhaling dat dit nie maklik is om die begrip te omskrywe nie,⁸⁵ maar waag hom tog aan 'n definisie: "Men zou slechtfziende kinderen kunnen definiëren as kinderen, die in verband met hun verminderd gezichtsvermogen wel het visuele onderwys kunnen volgen, doch daarbij gebruik moeten maken van bijzondere hulpmiddelen onder speciale leiding."⁸⁶

Benewens oogkondisies en gesigskerpte is daar ander faktore wat 'n rol speel wanneer die grense tussen swaksiendheid en blindheid vasgestel moet word. Daar moet nie alleen mee rekening gehou word dat die gesigsvermoë uit verskillende komponente opgebou is nie - daarnaas en belangriker nog is die feit, volgens Van Veelen,⁸⁷ dat die gesigsvermoë gesien en beoordeel moet word in die raamwerk van die liggaamlike en psigologiese samestelling van die kind, terwyl maatskaplike faktore ook nog in gedrang kom en 'n belangrike rol speel. Veral die onderste grens van swaksiendheid word sterk beïnvloed deur die intellek en die aanpassingsvermoë van die kind. Elke kind sal op grond van al hierdie faktore tesaam beoordeel moet word en daarom is dit te begrype dat uniforme reëls en grense vir swaksiendheid beswaarlik bestaan.

Hierdie beskouing van Van Veelen verteenwoordig die breë algemene denkrigting in Nederland met betrekking tot die begrippe swaksiendheid en die swaksiende kind. Soos Vliegenvhart en andere word die swaksiende kind vanuit 'n pedagogies-antropologiese standpunt, meer in besonder, vanuit ortopedagogiese standpunt gesien.

Die tradisionele omskrywing van wat ander swaksiendheid in Wes-Duitsland verstaan word, is in 1927 deur die Deutschen Kongress für Blindenwohlfahrt te Königsberg geformuleer:⁸⁸

85. Van Veelen, A.W.C. Kinderen met beperkt gezichtsvermogen in Tussen Licht en Donker, Bartimeüs Instituut voor Blinde en Slechtfziende Kinderen, Zeist, 1964, p.73.

86. Loc.cit.

87. Loc.cit.

88. Teumer, E. Das Sehbehinderte Kind, pp.39-40.

"Ein kind is sehschwach und durch die Sehschwachenschule oder in Sonderklassen zu beschulen bei einer Sehschärfe von $1/25$ bis $1/4$ sofern diese Sehschärfe ausreicht, unter Anwendung heilpädagogischer Grundsätze, gegebenenfalls mit gewöhnlicher Hilfsmitteln, Lesen und Schreiben nach der Art der Sehenden zu erlernen und eine Beschäftigung und Spätere Berufsausbildung nach Art der Sehenden zu ermöglichen."

Teumer wys daarop dat die numeriese kriterium wat hier aangedui word⁸⁹ nie star toegepas kan word nie, of as 'n rigide maatstaf kan dien nie, veral wanneer tussen die onderste grens van swaksiendheid en die boonste grens van praktiese blindheid onderskei moet word.⁹⁰ Daar sal kinders aan skole vir swaksiendes gevind word met beter visussyfers as dié wat volgens die Kongres vir Swaksiendes neergelê is.

As die oogarts so sou besluis, of as dit op pedagogiese gronde noodsaaklik geag word, sal 'n leerling na 'n skool vir swaksiendes oorgeplaas word.⁹¹

Die swaksiende kind is volgens Teumer "ein leidendes Kind",⁹² waardeur hy getuig dat in sy besinning hy die swaksiende kind in ortopedagogiese perspektief sien - 'n kind in nood wat op besondere hulp en steun aanspraak maak.

Een van die sterkste argumente ten gunste van 'n afsonderlike skool vir swaksiendes, word deur Teumer geopper as hy sê dat die gewone skool nie in staat is om die besondere hulp waarom die swaksiende vra, vir hom aan te bied nie, maar wel 'n "heilpädagogische Einrichtung",⁹³ en by implikasie die spesiale klasse of spesiale skool vir swaksiendes.

Hier tussen soortgelykgestremdes verwerf die leerling weer selfvertroue en ervaar hy gevoelens van sukses. Teumer

89. $1/25$ tot $1/4$ is die ekwivalent van $3/60$ tot $6/24$ Snellen.

90. Ibid., p.7.

91. Loc.cit.

92. Ibid., p.25.

93. Loc.cit.

is dus 'n baie sterk voorstander van onderwys vir swaksiendes in afsonderlike onderwysinsettings en die heilsame invloed van die ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aan hierdie kinders.

In 'n persoonlike onderhoud met Teumer in April 1972⁹⁴ wys hy daarop dat in ooreenstemming met die jongste statutêre bepalinge insake swaksiendheid, soos neergelê in die Bundes=sozialhilfegesetz (Wetgewing vir Gemeenskapshulp),⁹⁵ daar tans nuwe beskouinge omtrent swaksiendheid in Wes-Duitsland heers. Hierdie nuwe kriteria sal in 'n opvolgende hoofstuk onder die besondere hoof behandel word.

Teumer lewer 'n betekenisvolle pleidooi vir die voor=siening van ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aan die swaksiende leerling met die doel om die leerling ".... mit Rat und Tat zur Seite zu stehen, ihm Unterrichts-Erziehungs- und Lebenshilfen und damit das Rustzeug für den Lebenskampf zu geben. mit Hilfe heilpädagogischer Mittel und Einsichten - zu einem brauchbaren Glied der menschlichen Gesellschaft, zu einem tüchtigen und gleichgeachteten Staats=bürger zu erziehen."⁹⁶

Op 'n vraag aan die direkteur, mnr. O. Wegbrod,⁹⁷ van die Schule Borgweg in Hamburg om sy siening van die begrip swaksiendheid toe te lig, antwoord hy dat die tradisionele omskrywing van die begrip swaksiendheid in terme van visus=syfers wat tussen 3/60 en 6/24 snellen lê, 'n beskouing en kriteria verteenwoordig wat te eng is. "You cannot draw a linear line or scale of visual deficiency",⁹⁸ want om te sien is 'n gekompliseerde proses waarby verskillende ander aspekte ter sprake kom, soos onder meer die mediese aspek, die psigiese aspek en die fisiese aspek van oogsiectes.

94. Kyk Bylae E, vraag 6.

95. Bundesrepublik. Bundessozialhilfegesetz B.G.D./731, § 47 in Der Neufassung, 28 Mai, 1971.

96. Teumer, E. Op.cit., p.56.

97. Kyk Bylae E, vraag 6.

98. Loc.cit.

Mnr. Wegbrod het egter 'n memorandum opgestel wat hy "Richtlinienleitsätze für den Unterricht an der Blinden und Sehbehindertenschule" noem, waarin hy die swaksiende kind omskryf vanuit die onderwyssituasie gesien te wete: Swak=siendheid in die sin van 'n skool vir swaksiendes, verwys na 'n kind wat op grond van sy gesigsbelemmering die onderwys in 'n gewone skool, waar hy volgens sy begaafdheid behoort te vorder, nie meer, of slegs onder taamlike geestelike en liggaamlike stremming kan volg. So 'n kind kan egter nog met behulp van optiese indrukke homself help met sy ruimtelike oriëntasie, om handwerkies te verrig, om voorstellings van voorwerpe te maak en om 'n ruimtelike en kleurvolle wêreld=beeld op te bou.⁹⁹

Met betrekking tot die identifisering van swaksiende kinders, stel Wegbrod dit as 'n medies-fisiese aangeleentheid as hy sê dat vir die beoordeling van gesigsgestremdheid die bevinding van die oogarts in alle opsigte beslissend is, veral vir die prognose van die oogkondisie en die psigo-somatiese habitus van die kind.¹⁰⁰

Professor Werner Boldt¹⁰¹ benader dié begrippe swak=siendheid en die swaksiende kind uit drie verskillende gesigspunte, te wete met betrekking tot die wêreldbeeld van die swaksiende, vanuit didaktiese perspektief en vanuit beroepsperspektief van die swaksiende.

Ten aansien van die wêreldbeeld van die swaksiende beweer Boldt dat swaksiendheid tot gevolg het 'n inkrimping en versperring van die ervaringslewe. Die wêreldbeeld van swaksiende kinders dreig om te verarm en af te neem in kwaliteit (geminderte Qualität) as gevolg van hulle swakker waarneming van situasies.¹⁰²

99. Wegbrod, O. Richtlinienleitsätze, p.2.

100. Loc.cit.

101. Boldt, W. Denkschrift zum Ausbau des Sehbehinderten=bildungswesens im Lande Nordrhein-Westfalen, pp.12-14.

102. Ibid., p.12.

Hierdie siening met betrekking tot die verwronge en beperkte wêreldbeeld wat swaksiendheid tot gevolg het, is vaag in die sin dat dit ook vir ander gestremdhede waar sou wees. Dieselfde kritiek geld met betrekking tot die stelling: "Sehbehinderung bedeutet schliesslich eine einschneidende Beschränkung der beruflichen Integrationsmöglichkeiten".¹⁰³

In hierdie voorafgaande stelling met betrekking tot die problematiek van swaksiendheid raak Boldt wel aan een van die kernvraagstukke omtrent hierdie aangeleentheid, naamlik die beperkinge wat op die swaksiende geplaas word met betrekking tot sy integrasie in die beroepsbestel.

Vanuit didaktiese perspektief beskryf Boldt die swaksiende: as kinders en jeugdiges wat in hulle verwerwing en gebruik van kultuurtegnieke en in hulle omgang met inligtingsmedia beslis belemmerd is. As gevolg van die feit dat hulle probleme het met skrif, lees en die gebruik van aanskouingsmateriaal is hulle in hulle "Kommunikationsmöglichkeiten"¹⁰⁴ beperk.

Dit is betekenisvol om daarop te let dat Vlietstra¹⁰⁵ in Nederland ook die faktor van belemmerde kommunikasie beklemtoon het.

Die 18de "Verbandstag Deutscher Sonderschulen",¹⁰⁶ beskryf die swaksiende kind indirek wanneer die taak van die Sonderschule (spesiale skool) vir swaksiendes bepaal word te wete, die skole vir swaksiendes is skole vir buitengewone onderwys vir daardie kinders wat as gevolg van 'n ernstige gesigsgebrek die onderrig aan die gewone skool nie met sukses kan volg nie, of leerlinge wie se gesigsvermoë verder kan degenerereer as gevolg van ooreising.

Ofskoon die kritiek teen die voorafgaande omskrywing ingebring kan word dat die Kongres hom nie direk tot die

103. Ibid., p.14.

104. Ibid., p.13.

105. Op.cit., pp.9-10.

106. Bericht über den XVIII Verbandstag Deutscher Sonderschulen. Zeitschrift für Heilpädagogik, Novemberheft, 1955, p.620.

swaksiende kind rig nie maar 'n "skoolse" benadering openbaar, hou dit die kerngedagte in, wat oor 'n baie wye front gedurende hierdie ondersoek teengekom is, dat die swaksiende kind geïdentifiseer word wanneer hy as gevolg van sy gesigsgestremdheid nie die program van die gewone skool kan volg nie.

2.3 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE BESKOUINGE OOR SWAKSIENDHEID

Ofskoon dit vir die huidige verouderd is, was die "Verslag van die Komitee oor onderwysgeriewe aan swaksiende leerlinge" van 1958, onder voorsitterskap van L. van Schalkwyk vir jare lank as die amptelike handleiding beskou met betrekking tot die identifisering van swaksiende leerlinge en die plasing van hierdie leerlinge in 'n skool anders as die gewone skool in die R.S.A.

Voor 1958 is die destyds aanvaarde definisie van 'n swaksiende kind en die kriteria vir swaksiendheid, deur die toenmalige Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap neergelê. Hierdie omskrywing van die swaksiende kind en die kriteria vir swaksiendheid was gebaseer op die bevindinge van 'n Inter-Departementele Komitee oor afwykende kinders in 1945, en het as volg gelui:¹⁰⁷ "In die reël word 'n kind as swaksigtig beskou indien hy aan een of ander oogaandoening ly as gevolg waarvan hy nie behoorlik onder gewone klaskamer-toestande kan sien nie, en gevolglik ook nie die gewone leermiddels kan gebruik nie, of indien hy aan 'n oogaandoening ly wat mag vererger as hy die gewone skoolkursus volg."

Om te bepaal of 'n leerling na 'n skool vir swaksiendes oorgeplaas moet word, word daar dan diverse kriteria neergelê. Die aangeleentheid van kriteria vir swaksiendheid sal in hoofstuk drie meer aandag ontvang.

107. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Verslag van die Komitee oor onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge. (Voors. L. van Schalkwyk), par. 29. (Die benaming swaksigtig word nie in die jongste tyd gebruik nie.)

Nadat die Van Schalkwyk-komitee mondelinge en geskrewe getuienis van verskillende gesaghebbendes aangehoor het, soos onder andere hoofinspekteurs van skole van die provinsiale onderwysdepartemente, prinsipale van spesiale skole, voorsitters van besture van spesiale skole, mediese getuienis, korrespondensie met oorsese outoriteite en publikasies wat geraadpleeg is,¹⁰⁸ is daar onder meer besluit om sekere wysigings in die bestaande definisie van swaksiendheid en die kriteria vir toelating van swaksiendes tot skole, aan te bring, aangesien die bestaande verouderd was.

Die bestaande definisie van swaksiendheid is deur die komitee soos volg gewysig:¹⁰⁹ "In die reël word 'n kind as swaksigtig beskou wanneer sy gesigsgebrek nie van sodanige aard en graad is wat die gebruikelike onderwysmetodes vir blindes noodsaaklik maak nie, maar wat, aan die ander kant, onvoldoende is, om hom in staat te stel om die gewone onderwysprosedure in gewone skole te volg; of anders uitgedruk, 'n kind heet swaksigtig as hy gevaar loop dat sy gesig belemmer of vererger word indien hy onderworpe word aan ooreising van die oë wat, in sy geval, noodwendig meegaan met bywoning van die gewone skool."

Omdat die Komitee besef het dat die algemene bestaande numeriese kriterium vir swaksiendheid te eng is, word dit ook rekbaar gewysig soos in 'n opvolgende hoofstuk aangedui sal word.

Die Komitee gebruik deurgaans die term "swaksigtiges" wat mettertyd na "swaksiendes" in die R.S.A. verander is. Hy heg ook 'n besondere waarde aan die aspek dat die swaksiende se oë "ooreis" kan word. In die tussentyd het daar nuwe sieninge met betrekking tot hierdie aangeleentheid na vore getree. Die huidige tendens staan bekend as "Opvoeding-tot-sien",¹¹⁰ waardeur deskundiges die mening huldig dat

108. Op.cit., pp.2-3.

109. Ibid., par. 30(a).

110. Peach, P.P. Huidige tendense in die onderwys van die gesigsgestremde. Derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, 1969, p.58.

voorkoming van verswakking van die gesig en gesigsbewaring reeds verseker word deur beter benutting van die gesig en stimulering van die gesigsreste.¹¹¹

Omdat die leemtes in die omskrywing van en die kriteria vir swaksiendheid soos deur die Van Schalkwyk-komitee geformuleer, besef is, wend die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes¹¹² 'n poging aan om 'n getrouer presisering van die begrip swaksiendheid te gee, naamlik dat die begrip 'n versamelnaam is vir 'n groot verskeidenheid defekte oogkondisies. Die begrip word nie in die sin van gelykmaking van alle oogdefekte en hulle gevolge gebruik nie, maar dit word gebruik in 'n poging tot algemene groepering naamlik: alle skoolpligtige leerlinge wat met die beste korreksie 'n gesigskerpte het van 6/60 opgaande tot 6/24 volgens die Snel-lenskaal, en wat die gewone onderwys nie so kan benut dat hulle nie minstens net so goed kan presteer as ander leerlinge van dieselfde kronologiese ouderdom en gelyke intelligensievermoë nie, kan as swaksiende beskou word.

Elke individuele leerling se oogtoestand kan egter in aanmerking geneem word met die oorweging van aansoeke om toelating tot 'n skool vir swaksiendes, dit wil sê in gevalle waar hulle oogtoestande buite genoemde beskrywing val.¹¹³

Hierdie definisie waarby die kriterium vir swaksiendheid ingesluit is, hou veel verdienste in, aangesien dit nie rigide numeriese norme neerlê nie en voorsiening maak vir individuele anomalieë wat in oogkondisies voorkom en nie meetbaar is met 'n syferskaal nie. Tekortkominge lê nog daarin dat daar nie melding van 'n nabyvisie-toets of verlies van gesigsveld gemaak word nie, of die feit dat hierdie leerlinge se swak prestasie te wyte moet wees aan die gesigsgebrek as primêre gebrek nie.

111. Loc.cit.

112. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes. Komitee vir swaksiende kinders. Memorandum, bylae 6.

113. Loc.cit.

Psigiese faktore soos die samestelling van die persoon=struktuur, opvoedbaarheid van die kind, pedagogiese en skool=lastiese verwaarloosing word nie pertinent vermeld nie, met ander woorde die swaksiende kind as gestremde kind, word nog nie in ortopedagogiese en ortodidaktiese perspektief geplaas nie. Daar word nog baie sterk op die somatiese aspek van swaksiendheid gelet.

In Suid-Afrika beweer Sonnekus¹¹⁴ dat die gangbare omskrywinge en benaderingswyses van die slegsiende kind uit 'n pedagogies-didaktiese oogpunt algeheel onaanvaarbaar is en nie verantwoord kan word nie.

Hierdie omskrywinge is hoofsaaklik, volgens hom, op geneeskundige lees geskoei en sentreer om en aksentueer 'n psigologie en pedagogiek wat om die visuele defek alleen gaan.¹¹⁵

Die swaksiende kind is volgens hom nie 'n siende met 'n gesigsuitval nie, maar wel 'n unieke kind met 'n unieke problematiek wat gekenmerk word deur die anderssyn van die slegsiende.¹¹⁶ Hy rig hom tot die swaksiende "...in sy volle totaliteit van menslike bestaan."¹¹⁷

Tussen die beskouing van Sonnekus en kontemporêre navorsers soos Pretorius,¹¹⁸ Van der Hyde,¹¹⁹ Linda Zaaïman,¹²⁰ Gouws¹²¹ en Botha¹²² is daar primêr weinig verskil aangesien al

114. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die slegsiende kind. Opvoedkundige Studies, nr. 55, p.5.

115. Ibid., p.3.

116. Ibid., pp.24-25.

117. Ibid., p.5.

118. Pretorius, J.W.M. 'n Verkenning van die taalwêreld van die slegsiende kind.

119. Van der Hyde, G. Die subjek-wêreldverhouding van die swaksiende kind.

120. Zaaïman, Linda. Die beroepsoriënteringsproblematiek van die swaksiende jeugdiges.

121. Gouws, S.J.L. Die affektiewe nood van die gestremde kind.

122. Botha, T.R. 'n Sosio-ortopedagogiese perspektief op die leefwêreld van die swaksiende kind met verwysing na enkele belewingsmomente.

hierdie skrywers hulle op ~~die~~ fenomenologiese standpunt stel, geen direkte uitsprake lewer oor die fisiese probleem en die begrip swaksiendheid nie, maar hulle bepaal tot persoonsbeskouinge aangaande die leefwêreld van die swaksiende kind. Elkeen laat die klem elders val in die persoonsbeskouinge oor die swaksiende kind. So byvoorbeeld wend Van der Hyde hom tot die subjek-wêreldverhouding van die swaksiende, Pretorius laat die soeklig op die taalwêreld van die swaksiende val en Botha bepaal hom tot die sosio-pedagogiese verhouding tussen opvoeder en die swaksiende. Linda Zaaïman lig die probleem van beroepsoriëntering vir swaksiendes toe.

In 'n opvolgende paragraaf 2.5 sal hierdie persoonsbeelde van bogenoemde skrywers onder die algemene problematiek van swaksiendheid en 'n verkenning van die psigologiese aspekte van swaksiendheid breedvoeriger behandel word.

Sonnekus, soos ook die genoemde navorsers,¹²³ kom nie daartoe om die begrip swaksiendheid nader te begrens nie en bly ook in gebreke om 'n kriterium vir swaksiendheid neer te lê. Dit bly vaag om te postuleer dat "die swaksiende kind baie moeilik definieerbaar is, in baie opsigte gradueel van die blinde kind verskil en dat dit nie 'n kind minus 'n fraksie van sy gesigsintuig is nie."¹²⁴

Hy waarsku verder teen die toepassing van gestandaardiseerde toetse en die gebruik om sintuiglike, motoriese, perseptuele en konseptuele oriëntering by die swaksiende te meet, maar stel voor dat 'n benadering wat op 'n fenomenologiese "totaliteitsdeurskouing"¹²⁵ berus, gevolg word.

Vaughan maak onder andere die stelling dat die onderwys van die swaksiende deur 'n baie sterk mediese element

123. Vgl. Pretorius, J.W.M., Van der Hyde, G., Zaaïman, Linda, Botha, T.R. Op.cit.

124. Sonnekus, M.C.H. 'n Pedodiagnostiese studie van die gestremde kind, p.136. Vgl. Die problematiek van die slegsiende kind. Opvoedkundige Studies, nr. 55, p.5.

125. Sonnekus, M.C.H. 'n Pedodiagnostiese studie van die gestremde kind, p.130.

beïnvloed word, maar wat deurwerk na die fisiologiese, psigo-logiese en ortodidaktiese vlakke.¹²⁶

Hy noem onder meer dat die term swaksiendheid 'n wye veld van gesigsverlies insluit¹²⁷ en dat sodra 'n kind na skool moet gaan die saak van 'n kriterium opduik. Hy meld dan voorts dat 'n numeriese kriterium nie die enigste faktor is wat in aanmerking geneem moet word nie, want daar is altyd ander aspekte van gesigsverlies wat in gedrang kom wanneer 'n uitspraak oor swaksiendheid gegee moet word. Hy waarsku teen veralgemening en dui die verwarring aan wat daar met betrekking tot die amptelike numeriese kriterium vir swaksiendheid (6/60 tot 6/24 Snellen) en die numeriese kriterium vir blindheid bestaan. In die praktyk kan 'n persoon met 'n gesigskerpheid van 6/24 Snellen en 'n gesigsin= krimpings soos in die Wet op Blindes (Wet no. 26 van 1968) neergelê, as blind geregistreer word, terwyl hy in vele opsigte as swaksiende kan deurgaen.¹²⁸

Vaughan bied nie 'n eie definisie vir swaksiendheid aan nie maar verwys na die beskrywing van die reeds genoemde Van Schalkwyk-verslag van 1958 en noem daarby dat faktore soos progressiewe oogkondisies en ooganomalië 'n rol speel wat in gedagte gehou moet word.¹²⁹

Die siening van Peach met betrekking tot die begrip "swaksiendheid" en die "swaksiende kind" verdien nog aandag. Betekenisvol is sy postulaat dat die swaksiende nie 'n "plus-variant" van die blinde is nie, maar as 'n "minus-variant" van die siende beskou en opgevoed moet word en as 'n ekwivalent van die siende geplaas moet word.¹³⁰

126. Vaughan, V.H. Memorandum for the Committee of Enquiry into the education of the visually handicapped, p.1.

127. Ibid. Rehabilitation in South Africa, September 1972, p.81.

128. Loc.cit.

129. Vaughan, V.H. Fisiologies-mediese aspekte van die gesigsgestremde kind, pp.63-64.

130. Peach, P.P. "Huidige tendense in die onderwys van die gesigsgestremde". Derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, pp.56-69.

Ibid. "Die swaksiende persoon in Suid-Afrika". Referaat tydens die 21ste Tweejaarlikse Konferensie van die S.A. Nasionale Raad vir Blindes, Oktober 1972.

Hy beweer verder dat as die swaksiendes as 'n groep of 'n kategorie van visueelgestremdes afgebaken moet word, dit relatief maklik aan die hand van 'n numerieke norm kan geskied.¹³¹ Hierdie numerieke norm egter berus nie alleen op 'n visussyfer wat gesigskerpte aandui nie, maar sluit ook faktore in soos sentrale gesigskerpte van die oog met die beste korreksie, die aard en afwykinge van die gesigsveld, die benoeming van die visuele defek en die prognose, die vermoë tot binokulêre visie en ander faktore.¹³²

Peach gaan voort deur daarop te wys dat daar meer as 60 definisies vir blindheid in die wêreld bestaan en dat hy glo dat dit nog moeiliker sal wees om 'n eenvormige definisie van swaksiendheid te vind.¹³³

Afgesien van die numerieke norm wat gebruik word is die afbakening van swaksiendes 'n bykans onmoontlike taak vanweë die wye spektrum van visuele defekte en die daarmee gepaardgaande oogheelkundige, optometriese en opvoedkundige faktore.¹³⁴

Ten slotte moet daar op die statutêre omskrywing van die begrip "swaksiende kind" in die R.S.A. gelet word.

Volgens artikel 1(ix) van die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967 word die swaksiende kind, in 'n wye konnotasie saam met ander gestremde kinders as volg beskrywe: " 'n Kind wat behoort tot 'n kategorie kinders wat in Bylae I vermeld word en wat, behalwe in die geval van 'n kind bedoel in Artikel 37, onder die ouderdom van 18 jaar is, en wat na die oordeel van die Sekretaris, in so 'n mate in liggaam, verstand of gedrag van die meerderheid van kinders afwyk, dat hy:

- a. nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van onderwys verskaf word nie;
- b. onderwys van 'n gespesialiseerde aard nodig het om sy

131. Peach, P.P. Referaat tydens die 21ste Tweejaarlikse Konferensie van die S.A.N.R.B., p.3.

132. Loc.cit.

133. Ibid., p.4.

134. Loc.cit.

aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; en
c. nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon
nie, omdat sodanige bywoning vir hom of ander leerlinge
in daardie klas skadelik kan wees."

2.4 SINTESE EN GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE BEGRIppe SWAKSIENDE KIND EN SWAKSIENDHEID

Daar word op hierdie stadium van die studie verwag
dat daar tot 'n samevatting en 'n sogenaamde bondige om=
skrywing of definisie (de-finire) as 'n definitiewe uitspraak
oor die wese van die begrip "swaksiendheid" gekom sal word.

Uit die oorsig van die relevante literatuur is dit
duidelik dat daar geen uniforme omskrywing of definisie
van die begrip swaksiendheid bestaan nie. Verskillende
pedagoë is dit wel eens daaroor dat die begrip swaksiendheid
en die swaksiende kind nie definieerbaar is nie, omdat te
veel bykomstige faktore ter sprake kom. Hierdie "vae" be=
nadering kan ook 'n wyse wees om die probleem te omseil sonder
om gekompromiteerd te raak en moontlike prestige te verloor.
In die R.S.A. in besonder is dit slegs die Van Schalkwyk=
komitee wat hom aan 'n definitiewe definisie van die begrip
waag. Dit is ook duidelik dat die begrip swaksiendheid
'n duideliker betekenis kry wanneer dit aan 'n kriterium ge=
koppel word, dit wil sê sodra die swaksiende kind geïdentifi=
seer moet word met die oog op toelating tot 'n skool, anders
as die gewone skool. Die gevolg is dat in die omskrywing
of definisie van die begrip "swaksiendheid" en die "swaksiende
kind", daar in die reël 'n kriterium in opgesluit lê en dat
die omvang en gevolge van die fisiese toestand eers besef
word wanneer die kind moet skool toe gaan. Nou begin swak=
siendheid, benewens die belemmering wat dit vir die kind is,
ook pedagogiese en maatskaplike betekenis te kry. Tot nou
toe was hy nog slegs swaksiende, wanneer hy met sy eie gebrek
gekonfronteer was, of vir sy familieleden binne eie huislike
kring.

Volgens die literatuur wat hier in oënskou geneem is,
sowel as uit die persoonlike getuienis gedurende hierdie

ondersoek aangehoor, is ortopedagoë dit redelik eens dat numeriese kriteria nie uitsluitlik gebruik behoort te word nie wanneer swaksiende leerlinge geïdentifiseer word vir toelating tot die buitengewone onderwys nie, maar dat visus= syfers slegs as 'n eerste aanduiding of as 'n handleiding kan dien. Waar visussyfers wel aangewend word deur oftalmoloë en optrometrise is daar 'n redelike mate van eenstemmigheid aangetref dat die syfers vir ver- en nabyvisie tussen 6/60 en 6/24 Snellen, na korreksie, indien moontlik, lê en dat faktore soos vermindering van gesigsveld, nystagmus, strabismus, intelligensie, opvoedbaarheid van die kind, prognose van die oogkondisie, verwerking van die gebrek deur die leerling en so meer, daarmee in rekening gebring moet word.

In die meeste lande waar daar deur die skrywer besoek afgelê was, was dit onomwonde gestel dat daar weinig waarde aan visussyfers geheg word.

Leerlinge word vanuit 'n medies-psigo-ortopedagogiese perspektief ge-evalueer deur 'n paneel van deskundiges wanneer daar besluit moet word of hulle op die buitengewone onderwys aangewys is of nie.

In die reël word daar tot 'n beskrywende kriterium van swaksiendheid gekom wat min of meer lui dat 'n leerling as swaksiende beskou word en op die skool vir buitengewone onderwys aangewys is, as hy as gevolg van sy gesigsgebrek as primêre gebrek nie ooreenkomstig sy intelligensie en vermoëns aan die gewone skool kan vorder nie.

In Suid-Afrika, in besonder, word daar deur Sonnekus, Pretorius, Van der Hyde en Zaaïman wat hulle eksplisiet op 'n fenomenologiese standpunt stel, gepleit vir 'n antropologies-eksistensiële benadering van die swaksiende kind as mens in totaliteit en in hierdie filosofering en teoretisering oor die problematiek van swaksiendheid word die psigies-pedagogiese simptome van gesigsgestremdheid beklemtoon, soos onder andere die swaksiende se unieke andersheid, sy pedagogiese nood, die besondere appél wat hy tot die onderwyser rig en so meer, sonder dat daar egter 'n poging aangewend

word om die begrip swaksiendheid nader te presiseer of sonder om deur te dring tot die praktyk en konkrete oplossings aan te bied ter verligting van die probleem.

Ofskoon dit duidelik is dat geen klinkklare en finale definisie van swaksiendheid of van die swaksiende kind gegee kan word nie, en dat geen rigide kriterium vir swaksiendheid neergelê kan word nie, sal dit egter nodig wees om vir die doel van hierdie studie die twee begrippe nader af te **grens** ten einde duidelikheid te hê om welke kinders dit gaan.

Daar word geen aanspraak op gemaak dat die volgende 'n onaanvegbare en finale beskrywing van die aangeleentheid is nie, want dit bestaan nie, omdat die mens in totaliteit nie definieerbaar is nie, ofskoon sekere fisiese eienskappe hulle wel leen tot beskrywing.

Soos reeds aangetoon is die begrip swaksiendheid 'n versamelnaam wat 'n wye spektrum van oogkondisies insluit. Daar kan vele bykomstige, veranderlike faktore mee gemoeid wees, soos onder andere die diverse fisiese faktore in verband met die verskillende oogkondisies, die wye veld van gesigskerptes en anomalieë van die oë, die ouderdom waarop die gesigsgebrek intree, die prognose van die oogkondisie, psigiese faktore wat met die persoonstruktuur saamhang en die invloed wat die gesigsgebrek op die persoon uitoefen, sowel as die eise wat die maatskappy aan hom stel om dieselfde gedrag en prestasies as die siende te lewer en hy dus gedwonge is om voor te gee om meer te sien as wat werklik die geval is.

In die omskrywing van swaksiendheid en die swaksiende kind sal daar onwillekeurig sekere kriteria ingesluit wees, want 'n maatstaf sal uiteindelik toegepas moet word wanneer daar beslis moet word of so 'n kind binne die kader van die ortopedagogiek val.

FORMULERING

1. Wanneer daar in hierdie studie na swaksiende kinders verwys word, word daar in die eerste instansie en in 'n

wye mediese konnotasie na skoolpligtige, skolasties-opvoedbare kinders verwys wie se PRIMÊRE gestremdheid, tydelik of permanent, 'n gesigsbelemmering is wat te wyte is aan die gevolge van een of meer van die diverse fisiologiese oogtoestande wat aan die oftalmologie bekend is.

2. Hierdie kinders word nie as sintuiglik gestremde persone beskou wat net 'n breuk van hulle gesig verloor het nie, maar word as kinders in totaliteit vanuit antropologies-pedagogiese perspektief gesien, dit wil sê as mens wat anders is, maar nie noodwendig minder of minderwaardig nie.
3. Vanuit ortopedagogiese perspektief gaan dit om kinders met normale intelligensie wat as gevolg van die oogkondisies onder paragraaf 1 hierbo genoem, en die gevolge daarvan, sodanig visueel en in hulle persoonstruktuur gestremd is, dat hulle nie in staat is om hulleself óf skolasties óf psigologies óf sosiaal-maatskaplik aan die gewone skool te oriënteer nie en gevolglik op ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aan 'n afsonderlike skool vir swaksiendes aangewys is.
4. Met die oog op keuring en toelating tot 'n skool vir swaksiendes sal hierdie leerlinge vanuit 'n oftalmologiese en optometriese standpunt gesien, waarskynlik 'n gesigskerpte vir ver- en nabyvisie van ongeveer 6/60 Snellen opgaande tot 6/18 Snellen, na korreksie, indien moontlik, hê en in die geval van verlies van gesigsveld, 'n gesigsveld hê wat 30 grade of minder is.
5. Bogenoemde numeriese kriterium is slegs 'n inisiële, aanduidende syfer en geen rigide norm nie, want bykomstige faktore soos die prognose van die oogkondisie, aard en omvang van die oogkondisie en enige relevante faktore, tesame met die psigologiese en pedagogiese evaluering van die leerling mag nie uit die oog verloor word nie.

Aangesien dit in hierdie studie nie soseer om besondere onderwystegnieke vir die swaksiende in die onderwys-situasie gaan nie, maar meer in besonder om gedifferensieerde onderwys in breër opset, is dit nodig om waar moontlik

aansluiting te vind by enkele standpunte soos uit die literatuur duidelik geword het en wat besondere betekenis vir hierdie studie kan hê.

In hierdie verband word daar eerstens aansluiting by Peach in die R.S.A. en Oost in Nederland gevind. Peach se standpunt dat enige tendens in die onderwys van gesigsgestremdes parallel beweeg met die amptelike beleid van die gewone onderwys van die betrokke land,¹³⁵ en dat die skool vir swaksiendes die taak het om die suksesvolle integrasie van die swaksiende in die maatskappy te verseker,¹³⁶ (eie kursivering) is enkele van die riglyne wat in hierdie studie opgevolg sal word. Hierdie standpunt word sterk deur Oost gesteun¹³⁷ as hy sê dat die swaksiende 'n siende mens is en tot sodanige prestasie gebring moet word dat hy in die maatskaplike verkeer kan meedoen.

Uit die standpunt van die twee genoemde persone word die afleiding gemaak dat die buitengewone onderwys vir die swaksiende gebaseer is op, of 'n uitvloeisel is van die gewone onderwys en nooit los daarvan kan staan nie. Die swaksiende se onderwysbehoeftes is basies dieselfde as vir die normaal-siende kind.

Die swaksiende kind is 'n gelykberegtigde, volwaardige en gelykwaardige mens wat daarop aangewys is om uiteindelik by die wêreld van die normaalsiendes in te skakel, ook in die beroepsbeestel.

Hierdie gedagte loop deur die werke van Lambert-Anema, Vliegenthart, Hijmans van den Bergh en andere.

Lambert-Anema¹³⁸ pleit dat die swaksiende reg sal hê op dieselfde opvoeding wat hom die geleentheid sal gee om later so gewoon moontlik in die samelewing te lewe.

135. Peach, P.P. Huidige tendense in die onderwys van swak-siendes, p.57.

136. Ibid. Die swaksiende persoon in Suid-Afrika, p.7.

137. Oost, P.S.N. Jaarverslag 1956/1966. Prins Alexander Stichting, p.23.

138. Lambert-Anema, K.C. Kinderen met beperkt gezichtsvermogen, p.62.

Vliegenthart¹³⁹ erken die "andersheid" van die swaksien-
de, wat nie noodwendig 'n minderwaardigheid impliseer nie
en hy beklemtoon die pedagogiese opgaaf dat die swaksien-
de gehelp moet word om so gou moontlik in te skakel by die
lewensvorm van die nie-gestremdes. Hy moet tot selfstandig-
heid en volwaardige menslikheid gedy om mee te doen aan die
dinge van mense.¹⁴⁰

Hijmans van den Bergh¹⁴¹ pleit vir die doeltreffende
indiensplasing van swaksienendes terwyl Zaaïman¹⁴² op die tera-
peutiese waarde van beroepsoriëntering wys.

As daar op die enkele gedagtes, soos deur die vooraf-
gaande persone uitgespreek, gelet word, hou dit by implikasie
in dat benewens die normatiewe taak wat die onderwys het,
daar toegesien sal moet word dat die swaksienende gedurende sy
onderwysloopbaan doeltreffende gedifferensieerde, beroepsge-
rigte opleiding ontvang om aan hom die nodige vaardighede en
kennis, ooreenkomstig sy besondere vermoëns en aanleg te
verskaf sodat hy in staat gestel sal word om in 'n lonende
beroep geplaas te word of na verlating van die skool in 'n
beroepsrigting opgelei te word waarvan die basiese grondslag
reeds op skool gelê is.

Per slot van rekening is dit deur suksesvolle beroeps-
beoefening dat in die doelstelling soos deur Van Weelden¹⁴³
gestel, geslaag kan word naamlik om die kind tot so 'n vol-
ledig moontlike integrasie met die samelewing te bring.

Wanneer daar in opvolgende hoofstukke besin sal word
oor onder andere die moontlikhede van gedifferensieerde
onderwys vir swaksienende jeugdiges, sal daar ook noodwendig
gedink moet word aan differensiasie in breë beroepsgerigte

139. Vliegenthart, W.E. Anders-zijn-en-mee-gaan-doen, p.10.

140. Loc.cit.

141. Op.cit., p.314.

142. Op.cit., p.5.

143. Van Weelden, J. De Pedagogische ontmoeting met het
blinde kind, p.37.

studierigtings. Spesifieke beroepsopleiding op skool sal in die praktyk waarskynlik baie moeilik implementeerbaar wees, as die relatiewe klein persentasie wat die swaksiendes van die bevolking uitmaak, in gedagte gehou word.

2.5 DIE PROBLEMATIEK VAN SWAKSIENDHEID EN DIE WÊRELD VAN DIE SWAKSIENDE. ENKELE PSIGOLOGIES-PEDAGOGIES-DIDAKTIESE ASPEKTE

2.5.1 Algemeen

Die problematiek van swaksiendheid strek verder as 'n fisiologiese oogdefek en 'n belemmerde visie wat in terme van visussyfers aangedui word. In die onderwys van die swaksiende gaan dit dan ook verder om die gevolge van hierdie oogdefek so goed moontlik te bowe te kom sodat hy as 'n sienende kind en deur middel van 'n visuele medium die nodige skolastiese en beroepsopleiding kan ontvang wat hom in staat sal stel om vir hom 'n staanplek in die maatskappy te verower.

Die problematiek van swaksiendheid is van 'n komplekse aard wanneer dit by die pedagogies-didaktiese situasie kom, dit wil sê die doelbewuste, planmatige bemoeienis en steun-gewing van die volwasse opvoeder aan die swaksiende kind. Hierdie swaksiende kind is 'n kind in nood wat soek na geborgenheid en veiligheid, daarom moet die opvoedingshulp wat hy ontvang veral ook affektief-belaai wees.

Die opvoeder sal met betrekking tot die andersheid van die swaksiende kind moet let hoe sy intensionele deelname aan die werklikheid daar uit sien, en hoe hy sin en betekenis aan die werklikheid gee, dit wil sê sy verhouding tot sy omringende wêreld, sy medemens, homself en tot God.

Dit is noodsaaklik dat die ortopedagoog die swaksiende kind sal ken; nie slegs 'n kennis van die wese en andersheid van die kind nie, maar hy moet ook weet waarheen hy wil met hierdie spesifieke swaksiende kind.¹⁴⁴

144. Pretorius, J.W.M. Op.cit., p.7.

Ofskoon 'n omvattende psigologiese verkenning van die swaksiende nie binne die veld van hierdie ondersoek val nie, sal dit nodig wees om by wyse van oriëntering, ook met die oog op die moontlikheid van gedifferensieerde onderwys vir hierdie kinders, en ten einde 'n beter perspektief op die besondere pedagogies-didaktiese situasie met die swaksiende te verkry, enkele psigologiese aspekte wat met swaksiendheid verband hou uit te lig.

Hierdie toeligting sal geskied deur op persoonsbeelde en die leefwêreld van swaksiende kinders te let soos uit die literatuur en kontemporêre navorsing duidelik geword het, aangevul deur 'n steekproef wat die skrywer onderneem het deur 'n ontleding te maak van enkele sielkundige verslae en persoonsbeelde van hierdie leerlinge aan die Prinshofskool vir Swaksiendes.

2.5.2 Enkele persoonsbeelde van swaksiende kinders soos blyk uit kontemporêre ondersoeke

In 1960 neem Sonnekus¹⁴⁵ in 'n spanondersoek deel wat aan die Paedagogische Instituut aan die Rijksuniversiteit in Nederland uitgevoer is. Hierdie ondersoek was van 'n verkennende pedagogies-psigologiese aard met betrekking tot die problematiek van swaksiendheid.

Sonnekus se bevindinge is gebaseer op hierdie ondersoek waarin hy 18 leerlinge uit 'n spesifieke skool in Nederland betrek het. Die gemiddelde ouderdom van die leerlinge was 12 jaar en 10 maande en die gemiddelde I.K. word deur die skrywer aangegee as 101.¹⁴⁶

Sonnekus beweer dat die enkele hoofmomente met betrekking tot die wêreld van die swaksiende wat hy hier toelig, ook beïnvloed is deur verdere ondersoeke wat onder sy leiding aan die Kinderleidinginstituut van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria uitgevoer is. Hy waarsku dat hy nie aanspraak maak op veralgemening nie en die

145. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die slegsierende kind. Tijdschrift voor Orthopedagogiek, Julie/Aug. 1968, p.185.

146. Ibid., p.188.

bevindinge moet eerder as tendense beskou word.¹⁴⁷

Die bevindinge van Sonnekus toon groot ooreenkoms met dié van Pretorius,¹⁴⁸ Van der Hyde,¹⁴⁹ Linda Zaaïman¹⁵⁰ en Botha,¹⁵¹ in besonder wat die beklemtoning van die uniekheid, andersheid en noodsituasie van die swaksiende betref en die somber siening wat hulle van die swaksiende kind voorhou.

Hoofmomente uit die persoonsbeelde en die wêreld van die swaksiende kind wat deur Sonnekus uitgelig word, is onder meer die sterk liggaamsbelewing van die swaksiende kind as 'n basiese gebrek en sy gedisoriënteerde ruimtelike wêreld wat tot gevolg het dat hy hom in 'n onveilige, onsekerheidsposisie bevind.¹⁵² Sy totale kognitiewe uitgaan tot die wêreld en die leeropgaaf is gestrem omdat sy waarnemingsakt, voorstellingsakt, memorisering en intelligensie-implementering anders daaruit sien.¹⁵³

Kategorieë kan Sonnekus se bevindinge met betrekking tot die psigiese beelde van die spesifieke groep swaksiende proefpersone as volg saamgevat word:¹⁵⁴

1. Die leerling was deurgaans swak gerig op die take wat aan hulle voorgehou was.
2. Ofskoon van die swaksiende leerlinge 'n relatiewe hoë intelligensiesyfer getoon het, het hulle nie aan die ooreenstemmende skolastiese eise voldoen nie, dit wil sê daar was onderprestasie en 'n swak implementering van die intelligensie.
3. Die woordeskat en taalbeheersing van die leerlinge was oor die algemeen swak¹⁵⁵ en besonder konkreetgebonde en

147. Loc.cit.

148. Pretorius, J.W.M. Op.cit.

149. Van der Hyde, G. Op.cit.

150. Zaaïman, Linda. Op.cit.

151. Botha, T.R. Op.cit.

152. Ibid., p.207.

153. Vgl. Van der Hyde, G. Op.cit., p.156.

154. Loc.cit.

155. Ibid., p.188-190.

156. Vgl. Pretorius, J.W.M. Op.cit., p.57.

gevolglik kon die taal ook nie as draer van die denke en as middel tot implementering van die intelligensie optree nie.

4. 'n Belewing van angs het vry algemeen onder die proefpersone voorgekom, wat gesien word as 'n problematiese simptoem van hulle stryd in hulle pogings tot wêreldkonstituering.
5. Aggressiwiteit en sterk gelade eksplosiewe emosies het onder die leerlinge voorgekom; in besonder wanneer hulle hulleself in hulle liggaamlike beperkinge vasloop.
6. Hierdie leerlinge se toekomspektief was in die reël swak.¹⁵⁶ Daar het 'n vaagheid en onsekerheid by die leerlinge omtrent hulle toekoms bestaan.
7. Die leerlinge was baie onderhewig aan aandagsinsinkinge, aandagsfluktuasies en konsentrasiesteurings.
8. 16 uit die 18 leerlinge het ernstige probleme ondervind om hulle liggaamlike gestremdheid te aanvaar en te verwerk.
9. Die kinders het deurgaans in affektiewe nood verkeer, was affektief arm en geblokkeerd en infantiel in hulle lewens=uitkyk.

Sonnekus konstateer self dat dit foutief sou wees om al die genoemde momente by alle swaksiende kinders of selfs 'n groep tuis te bring, gevolglik praat hy siegs van die wêreld van die swaksiende.

Hierdie bevindinge van Sonnekus skets 'n besondere melankoliese beeld van die swaksiende kind,¹⁵⁸ of selfs van die groep wat by die ondersoek betrokke was, en die vermoede

156. Vgl. Van der Hyde, G. Op.cit., p.104;
Gouws, S.J.L. Op.cit., p.35;
Zaaiman, Linda. Op.cit., p.40;
Pretorius, J.W.M. Op.cit., p.234.

157. Ibid., p.191.

158. Vgl. Zaaiman, Linda Op.cit.; Van der Hyde, G. Op.cit.;
Pretorius, J.W.M. Op.cit.

dat die groep kinders uit 'n geografiese besonder swak sosio-
ekonomiese milieu geselekteer was, word bevestig as Sonnekus
melding maak van die feit dat daar ook onder die proefpersone
'n verskeidenheid konstitusionele gebreke, organiese onge=
steldheid en vry ernstige pedagogiese verwaarlosing as gevolg
van hul huislike milieus was.¹⁵⁹ Hy gee toe dat ofskoon die
swaksiende kinders 'n gemeenskaplike somatiese stremming on=
dervind, elkeen nog sy eie wêreld op sy eie unieke wyse vir
homself konstitueer.¹⁶⁰

Sonnekus neem verder die "situasie" van die swaksiende
kind as vertrekpunt, dit wil sê hy sien hom "as subjek in 'n
verhouding van deelname aan 'n wêreld van objekte"¹⁶¹ en sy
intensionele deelname aan die wêreld en die wyse waarop die
swaksiende kind sin daaraan gee.¹⁶²

Sonnekus en die fenomenologiese skool beklemtoon ook
aspekte soos die andersheid en hulpeloosheid van die swaksiende
in sy gedisoriënteerde ruimtelike wêreld. Hy beveel onder
meer 'n besondere didaktiek vir die swaksiende aan, na aan=
leiding van die unieke appél wat die swaksiende kind tot die
onderwyser rig¹⁶³ en sluit homself by Langeveld aan as hy sê
dat die swaksiende kind, net soos die normaalsiende, iemand
is, wat iemand wil word.¹⁶⁴

Sonnekus se beskouing hou die besondere verdienste in
dat hy die klem laat val op die eiesoortige antropologies-
pedagogiese problematiek van die swaksiende kind met die unieke
appél wat hy tot die ortopedagoog rig, te wete opvoeding tot
sinvolle aanvaarding en verwerking van sy anders-syn tot be=
tekenisvolle toekomsontwerp en toekomspektief.¹⁶⁵

159. Ibid., p.190.

160. Ibid., p.191.

161. Ibid., p.6.

162. Loc.cit.

163. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die slegsiende
kind in Tijdschrift voor Orthopedagogiek, Julie/Augustus
1968, p.192.

164. Loc.cit.

165. Ibid., p.142.

In 'n fenomenologiese ondersoek wat deur Pretorius in Suid-Afrika uitgevoer is¹⁶⁶ beklemtoon hy grootliks dieselfde tekorte in die leefwêreld van die swaksiende as sy tydgenote hier vooraf genoem, maar lewer dan 'n individuele bydrae deurdat hy die aandag op die beperkte taalwêreld, taalarmoede, taalagterstand en beperkte taalvaardighede van die swaksiende kind vestig.¹⁶⁷ Hy maak die betekenisvolle postulaat dat die swaksiende se taal vir hom 'n barrière in plaas van 'n hulpmiddel is.¹⁶⁸

As gevolg van hierdie geremde taalvermoë van die swaksiende kind, aldus Pretorius, ondervind die swaksiende ook 'n geremde intelligensie-implementering, geremde denke, 'n verskraalde dialoog met die wêreld en 'n gebrekkige toekomstvisie.¹⁶⁹

Hierdie andersheid van die swaksiende impliseer ook 'n besondere pedagogiese bemoeienis te wete affektiewe opvoeding waardeur hy die liefdevolle versorging en koestering van die opvoeder ontvang wat hom van die passende beveiliging versker¹⁷⁰ sowel as opvoeding om die kind tot sedelike selfstandigheid te lei, want die swaksiende se anders-syn beteken nie 'n minder-syn nie.¹⁷¹

Pretorius wys voorts daarop dat die swaksiende 'n ge-lykberegtigde medemens is en dat die pedagoog vertrouwe moet hê in die opvoedbaarheid van die swaksiende.¹⁷² Deur die opvoeding moet hy gebring word om sy tekort te aanvaar en te verwerk, sodat hy, sy andersheid en tekort ten spyt, as 'n mede-ganger in die wêreld van die mens, met die ander kan meedoen.¹⁷³

166. Pretorius, J.W.M. Op.cit.

167. Ibid., p.236.

168. Loc.cit.

169. Ibid., pp.233-234.

170. Ibid., pp.53-54.

171. Ibid., p.55.

172. Loc.cit.

173. Ibid., p.58.

Van der Hyde¹⁷⁴ voer 'n empiriese ondersoek met 20 swaksiende kinders in Suid-Afrika uit waarin hy gebruik maak van die IPAT-High School Personality Questionnaire en enkele persoonsbeelde van die swaksiende proefpersone saamstel. Hy rig hom hoofsaaklik tot die verborge persoonlik, psigies-geestelike lewe¹⁷⁵ van die swaksiende en om hierin te slaag gaan hy oor tot 'n deurskouing van die persoonsbeelde deur gebruik te maak van die fenomenologiese metode en verdere inskakeling van psigologiese verkenningsmedia soos onder meer: hetero-anamnese (gesprek met die ouers), auto-anamnese (gesprek met die kind), pedagogiese observasie, Rotter se onvoltooide sinne, Grafiese ekspressie, te wete die boomtekening, menstekening, Wartegg-tekenmedium en die opstelletjie.

Samevattend lig Van der Hyde dan die volgende hoofmomente uit die persoonsbeelde wat hy van die swaksiende kinders saamgestel het¹⁷⁶ uit en "tipeer" dan die swaksiende kind as volg:

1. Onsekerheid, spanning, gevoelens van onvolkomenheid, met 'n gevolglike swak waaghouding en swak toekomspektief.
2. Gebrek aan identifikasie en kommunikasie met die werklike wêreld. Die leerlinge onttrek hulle self uit die sosiale omgewing en tree nie maklik in dialoog met hulle wêreld nie. Die wêreld bly dus vir hulle onbekend en die onbekende gaan altyd gepaard met 'n mate van vrees en spanning.
3. Die meeste van die proefpersone het 'n sterk intensie getoon om te presteer. Daar was sterk aanduidings van volharding, vasberadenheid, pligsgetrouheid en verantwoordelikheid.
4. Die leerlinge het hulleself maklik en gewillig aan gesag onderwerp en het groot bereidwilligheid getoon en was gesteld daarop om die voorskrifte van die ondersoeker nie te oortree nie.

174. Op.cit.

175. Ibid., p.14.

176. Ibid., pp.103-110.

5. Dwarsdeur die ondersoek word die intensie om te presteer deur Van der Hyde beklemtoon en hy interpreteer dit as 'n poging van die swaksiende kinders om te kompenseer vir hulle liggaamsgebrek en om nie in onguns te raak by die persone van wie hulle afhanklik is vir hulp nie.
6. Die ondersoeker beweer dat daar 'n duidelike aanduiding was dat die swaksiende kinders 'n sterk liggaamsbeleving ondervind het, enersyds die oogdefek as 'n stremming in hulle totale wêreld-oriëntering en andersyds was hulle liggaamsbeleving nie beperk tot die gesigsgebrek nie, maar het hulle hulle totale liggaam as gestremd belewe.

'n Besondere "faset" van die leefwêreld van die swak=siende wat in Van der Hyde se ondersoek na vore gekom het, was die sterk gerigtheid op die opgedrae take wat aan die swaksiendes voorgehou was.

Hierdie bevinding is in teenstelling met dié van Sonnekus waarvolgens die swaksiende kind 'n swak intensionele gerigtheid getoon het.¹⁷⁷

Van der Hyde beweer dat die ontmoeting tussen volwassene en nie-volwassene nie slegs op normatief-etiese grondslag moet plaasvind nie, maar ook op affektiewe grondslag, want daar kan aanvaar word dat die swaksiende kind vanweë sy beperkte gesig onveilig sal voel in 'n ruimte wat hy nie ten volle kan verken nie.¹⁷⁸ Dit is dus noodsaaklik dat die swaksiende kind bewus sal wees van 'n liefdevolle aanvaarding sodat hy uiterlik en innerlik veilig en geborge sal voel.¹⁷⁹ Dit is gebiedend noodsaaklik dat die swaksiende se ouers, sy onderwysers en die gemeenskap hom onvoorwaardelik sal aanvaar net soos hy is.¹⁸⁰

177. Sonnekus, M.C.H. Die problematiek van die swaksiende kind. Tijdschrift voor Orthopedagogiek, Julie/Augustus p.190.

178. Ibid., p.18.

179. Ibid., p.20.

180. Ibid., p.121.

In 'n ondersoek wat deur Van der Merwe met betrekking tot die intellektuele oriëntering van swaksiende kinders uitgevoer is, kom hy tot die gevolgtrekking dat die swaksiende in 'n mikro-wêreld lewe en dat hy grootliks gedisorienteerd is met betrekking tot die omringende makro-ruimtelike wêreld.¹⁸¹

"Intellectual achievements suffer as a result of a micro-spatial conception, which is a limited and defective conception. Affected appear to be the perception of wholes, reading and spelling, spatial orientation, reasoning and activities of mental organization."¹⁸²

Hierdie visuele isolasie en mikro-ruimtelike wêreld waarin die swaksiende verkeer, is 'n wêreld van klein detail, dikwels losstaande van die geheel en groter eenhede. Die swaksiende is dus nie in staat tot 'n visuele perspektief tussen die deel en geheel nie.¹⁸³

Hierdie laaste stelling word egter nie gekwalifiseer nie, want dit hang ook met die oogkondisie saam. Dit sou byvoorbeeld nie vir die hipermetroop geldig wees nie.

Die grootste didaktiese uitdaging aan die onderwyser en die skool bestaan daarin, aldus Van der Merwe,¹⁸⁴ om wyses en middele te vind waardeur die makrowêreld as 'n betekenisvolle wêreld toeganklik gemaak kan word vir die swaksiende, om in die eerste plek genoegsame inhoud aan sy wêreld op konkrete vlak te verskaf en tweedens om aan hom ten minste 'n verstandelike begrip van dinge en hulle verwantskap aan mekaar te gee, wat die swaksiende self nie doeltreffend kan waarneem nie.

Om in hierdie doel te slaag stel Van der Merwe die aanwending van hulpmiddels soos onder andere die volgende voor:¹⁸⁵

Spesiale metodes en uitrusting soos beligting, optiese hulpmiddels, grootdrukboeke, strokiesfilms, rolfilms, miniatuur

181. Van der Merwe, S.W. Pictures of the intellectual orientation of partially sighted children, pp.121-122.

182. Loc.cit.

183. Ibid., p.124.

184. Op.cit., p.124.

185. Ibid., p.125.

aanpassings van die filmprojektor met 'n klein skerm op 'n paar duim afstand, ensiklopediese prentebiblioteek, spesiale atlasse en toekringtelevisie, sowel as die toevoeging van 'n vak tot die kurrikulum wat as "Panoramic studies of man and nature", bekend sal staan. Hierdie vak sal 'n studie wees van die natuur, die verskillende terreine van menslike aktiwiteite, nywerhede, handel, kuns, sport, maatskaplike lewe en so meer.

Die meriete van Van der Merwe se siening van die problematiek van swaksiendheid lê in sy praktiese didaktiese benadering en sy pleidooi vir 'n positiewe onderwysprogram om die swaksiende uit die mikro-wêreld uit te lig, sowel as in sy beklemtoning van die taak van die onderwyser om deur groter diversifikasie van intellektuele belangstellings en aktiwiteite vir die swaksiende 'n breër perspektief te gee. In die verband moet daar, aldus Van der Merwe,¹⁸⁶ in gedagte gehou word, dat die swaksiende nie net fisies van die omringende makro-wêreld afgesluit is nie, maar dat hy dikwels ook emosioneel en geestelik geïsoleerd is.

Zaaiman¹⁸⁷ se besondere bydrae is dat sy die problematiek van swaksiendheid vanuit 'n arbeidsperspektief sien as sy dit stel dat die arbeid een van die wyses is waardeur die mens, en ook die swaksiende, sin aan sy bestaan gee. Die postulaat kan beswaarlik oorbeklemtoon word dat die swaksiende 'n hunkering het om self iemand te wees in die arbeid, om deur sy arbeidsbeoefening volledig mens te word in intersubjektiewe sin, want die arbeid is gefundeer in die gemeenskap.¹⁸⁸

Beroepsoriëntering en werkverskaffing aan swaksiende persone is volgens die skryfster nog 'n onontginde terrein, sodat die swaksiende in 'n sekere sin in 'n moeiliker posisie as die blinde verkeer, aangesien daar tradisioneel nie vir swaksiendes in beskutte arbeid voorsiening gemaak word nie.¹⁸⁹

186. Op.cit., p.128.

187. Zaaiman, Linda. Die beroepsoriënteringsproblematiek van die swaksiende jeugdige, p.2.

188. Loc.cit.

189. Ibid., p.3.

Die belemmering wat die swaksiende omtrent 'n onsekere toekoms ervaar, mag meebring dat hy 'n aarselende en afwagtende houding aanneem en Zaaïman haal Gouws¹⁹⁰ in die verband aan wat beweer dat die waaghouding wat voorwaarde is vir die eksplorاسie van die wêreld en die ontwerp van 'n eie leefwêreld by die swaksiende sal ontbreek, sodat hy 'n huiwering ondervind om iemand te word, waarby van toekomspektief ook nie juis sprake kan wees nie.

Dit is belangrik dat daar op Zaaïman se waarskuwing gelet word om te waak teen veralgemening met betrekking tot die swaksiende jeugdige. In besonder moet hy nie in 'n skema van affektiewe nood ingedwing word nie¹⁹¹ want die swaksiende kind as sodanig bestaan nie. In hierdie verband haal sy Gouws, Pretorius en Hijmans van den Bergh aan,¹⁹² naamlik dat elke swaksiende sy wêreld op sy eie unieke wyse "be-teken" en dat 'n groep swaksiende kinders net so heterogeen as siende kinders is.

Die sentrale problematiek van die swaksiende wentel egter vir Zaaïman om die swaksiende se afwagtende lewenshouding, sy ondoeltreffende eksplorاسie van sy wêreld, respektiewelik beroepswêreld, sy gebrekkige beroepsintensionaliteit en daarom sy dubieuse toekomspektief.¹⁹³ Slegs deur beroepsoriëntering as heropvoeding tot beroepskeuse sal die swaksiende geheroriënteer kan word tot aanvaarding van die feit dat daar vir hom wel beroepsmoontlikhede bestaan.¹⁹⁴ Sy gebrek begrens hom wel, maar skakel hom nie uit nie.¹⁹⁵

Zaaïman lewer 'n belangrike bydrae in haar waarskuwing dat die swaksiende nie kunsmatig in 'n affektiewe nood ingedwing moet word nie en dat die swaksiende kind nie ge-etiketeeer moet word nie. Dié swaksiende kind as 'n tipe bestaan nie. Die skryfster het gelyk dat daar hoogstens van 'n swaksiende in 'n spesifieke situasie gepraat kan word. 'n Swaksiende

190. Gouws, S.J.L. "Die affektiewe nood van die gestremde kind". Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, 1967, p.35.

191. Zaaïman, Linda. Op.cit., p.4.

192. Loc.cit.

193. Ibid., p.5.

194. Loc.cit.

195. Ibid., p.8.

kind is 'n individu soos enige ander persoon en die feit dat hy 'n ooggebrek het, maak hom nie homogeen met alle ander kinders wat aan 'n diversiteit van ooggebreke kan lei nie. Dit is teen hierdie massafikasie wat ook Bertram waarsku.¹⁹⁶

Belangrik ook is die siening van Zaaïman om die swak-siende kind vanuit die arbeidsperspektief te benader, want die arbeid is een van die modus van menswees, trouens vanuit Christelike standpunt gesien is die werksopdrag aan die mens 'n Goddelike opdrag. As die swak-siende kind tot sinvolle arbeidsbeoefening gebring kan word, dan is daar ook grootliks in Langeveld se doelstelling met die opvoeding geslaag, om die kind te help om iemand te wees en iemand te word.

Uit die literatuur tot dusver het dit telkens geblyk dat waar die swak-siende kind 'n vae toekomspektief het, dit ten nouste saamhang met sy vrees of hy 'n beroep sal kan beoefen.

Na aanleiding van 'n spanondersoek wat op 40 swak-siende leerlinge (20 seuns en 20 meisies) van die Bartimeüs Stichting in Nederland uitgevoer is, maak Hijmans van den Bergh¹⁹⁷ enkele gevolgtrekkings met betrekking tot die "psigologie van die swak-siende".

Aangaande die ondersoek en die leerlinge waarvan die ouderdomme tussen 10 en 15 jaar gewissel het, maak Van den Bergh egter die volgende betekenisvolle opmerkings: ".... one cannot take for granted that the research findings would be valid for all partially sighted children who are (a) not boarders in an institute for the partially sighted, (b) do not live in the Netherlands".¹⁹⁸ "We do expect, however, that our findings would in part apply to some groups of partially sighted ...".

196. Bertram, F.M. The education of partially sighted children. In: Education of exceptional children and youth, p.291.

197. Hijmans Van den Bergh, A.H. "Some observations in connection with the psychological examination of 40 partially sighted children". Advances in Ophthalmology, Vol. 15, pp.300-316.

198. Ibid., p.300.

children elsewhere."¹⁹⁹

Die ondersoeker gee verder toe dat die besondere groep leerlinge in sekere opsigte swakker vir die lewe toegerus was as ander swaksiende leerlinge wat nog aan gewone skole te vinde sou wees.²⁰⁰

Van den Bergh wys op die betekenisvolle feit dat in vergelyking met die blinde, die swaksiende, in 'n sekere sin, swakker daaraan toe is. Eersgenoemde het 'n duidelike posisie in die maatskappy, nie noodwendig 'n gelukkige een nie, maar 'n erkende plek van sy eie, vir wie selfs 'n spesifieke skrif voorsien word. Die swaksiende daarenteen is volgens hierdie ondersoek 'n dubieuse persoon in die sin dat die algemene kennis en begrip aangaande hom vaag of verkeerd is.²⁰¹

Hy besit wel die sintuig van gesig, maar hy besit dit ook nie. As gevolg van maatskaplike houdings en gesindhede ontwikkel die swaksiende 'n gevoel van onsekerheid, ongeborgenheid en onveiligheid, terwyl by die proefpersone in die genoemde ondersoek angs, depressiwiteit en vertraagde emosionele ontwikkeling voorgekom het.²⁰²

'n Faktor wat verdere konflikte by die swaksiende kind veroorsaak, is die vrees dat hy nog heeltemal blind kan word, want dit is moeilik om 'n swaksiende kind te oortuig dat sy oogdefek nie progressief is nie.²⁰³

In die onderwyssituasie, beweer Van den Bergh,²⁰⁴ is daar selfs in die spesiale skool vir swaksiendes baie meer spanning en frustrasie by die swaksiende as waarvan die onderwysers bewus is. Die swaksiende kind is reeds van so vroeg as tien jaar af besig om vrae oor sy toekoms te vra en die vae antwoorde wat hy ontvang boesem nie vertrouwe by hulle aangaande

199. Ibid., p.301.

200. Loc.cit.

201. Ibid., p.306.

202. Ibid., p.303.

203. Ibid., p.306.

204. Loc.cit.

die toekoms in nie.

Uit die ondersoek het dit ook geblyk dat die proefpersone 'n swak intensionele gerigtheid vertoon het, vae persepsie en begrip, infantilisme en isolasie wat in enkele gevalle patologiese afmetings aangeneem het.²⁰⁵

Direkte gevolge van swaksiendheid wat in die psigologiese ontwikkeling van die kinders te bespeur was, was onder meer:²⁰⁶

1. Vertraagde motoriese en vertraagde verstandelike ontwikkeling;
2. beperkinge van die gemak en vryheid van motoriese en emosionele funksies;
3. beperkinge van die "invloei" van verstandelike en maatskaplike kennisinhoud.

Daar kan nie 'n tabel van die swaksiende kind se "eenskappe" opgestel word nie, want sekere toestande is eie aan swaksiendheid, andere is gemeenskaplik vir alle gestremde kinders en andere is eie aan die mensheid.²⁰⁷

Van den Bergh beklemtoon egter sekere uitstaande momente met betrekking tot swaksiende kinders wat gemeenskaplik is, te wete:²⁰⁸

1. Die swaksiende leerlinge bevind hulleself in 'n gemeenskaplike situasie wat hy noem "landscape of somatic, intrapsychical and social barriers";²⁰⁹
2. Hierdie leerlinge ondervind gemeenskaplike pedagogiese en didaktiese probleme;
3. oftalmologies en psigologies beteken swaksiendheid nie slegs om minder te sien nie, maar om anders te sien;²¹⁰
4. as swaksiendheid as 'n noodsituasie beskou word, dan is die swaksiende swak toegerus om hierdie noodsituasie die

205. Ibid., p.310.

206. Ibid., pp.311-312.

207. Ibid., p.313.

208. Ibid., p.313.

209. Loc.cit.

210. Ibid., p.312.

hoof te bied,²¹¹ en in die verband is dit belangrik dat hierdie kinders hulp sal ontvang van die pedagoog, die oogkundige en die ouers. Behandeling van die probleem met die klem op die ooggebrek, is eensydig. Alle vermoëns van die swaksierende as 'n mens in totaliteit moet gemobiliseer en beter georiënteer word.²¹²

In verband met die ortopedagogiese en psigoterapeutiese hulp wat Van den Bergh voorskryf vir die oriëntering van die swaksierende, is die volgende aanbeveling besonder betekenisvol: "A good employment finding and employment creating service is needed. Such a service will in due time exert an important and beneficent influence also on the life perspective of young partially sighted children and on the attitudes of their parents."²¹³

Met betrekking tot die afleidings wat uit hierdie voorafgaande ondersoek gemaak is, moet enkele aspekte in gedagte gehou word.

Daar was geen kontrolegroep by die ondersoek ingeskakel nie.

Al die leerlinge was uit een residensiële skool (Stichting) afkomstig en omtrent hierdie feit maak Van den Bergh self die volgende opmerking: "So we know at once that the children in our sample are in some ways less well equipped for life than other partially sighted children."²¹⁴

Van Veelen²¹⁵ wat meegedoen het aan hierdie genoemde ondersoek maak ook melding van die feit dat die leerlinge in die ondersoek inwoners aan 'n "inrigting" was en waarsku: "only very tentative conclusions can be drawn from the data obtained."²¹⁶

211. Ibid., p.305.

212. Ibid., p.314.

213. Ibid., p.315.

214. Ibid., p.230.

215. Van Veelen, A.W.C. Conclusions in connection with the psychological examination of 40 partially sighted children in Advances in Ophthalmology, Vol. 15, p.317.

216. Loc.cit.

In 'n resente ondersoek deur Botha²¹⁷ uitgevoer waarin hy van verskillende fenomenologiese pedodiagnostiseringstegnieke en empiriese gegewens gebruik maak kom hy tot sekere gevolgtrekkings met betrekking tot die leefwêreld van die swaksiende kind vanuit 'n "sosio-ortopedagogiese perspektief", soos hy dit noem.

Verkenningmedia wat hy vir hierdie ondersoek aangewend het en waarby hy vyf leerlinge betrek het, was onder meer die Rorschach-inkvlekmedium, die onvoltooide sinne van Rotter, die Wartegg-tekenmedium, die menstekening, die boomtekening, die opstel en diverse appersepsiemedie (Symondreeks, T.A.T.-reeks en die Columbusserie van Langeveld).²¹⁸

Die empiriese gegewens waarop hy sy bevindinge baseer, is beskikbaar gestel deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing uit die Projek Talentopname van 1965.

Vir die doel van sy ondersoek het Botha 'n groep leerlinge uit die Talentopname-ondersoek "geïdentifiseer" volgens vraag 65 van die biografiese vraelys²¹⁹ wat in die opname gebruik is.

Volgens hierdie vraag sou 3 908²²⁰ standerd 6-leerlinge hulleself as swaksiende "beleef" het. Hulle het swaksiendheid genoem as 'n faktor wat hulle moeilikheid gee.

Die ondersoeker erken self dat hierdie syfer nie veel-seggend is nie, omdat geen kriterium vir die moontlike gesigsgebrek aangewend is nie, behalwe dat die kinders hulleself as gevolg van een of ander gesigsprobleem as "swaksiende beleef"²²¹ het.

Die ondersoeker beklemtoon dan uiteindelik enkele fasette van die swaksiende se sosio-pedagogiese verhoudinge, die sogenaamde "versteurde onsheid",²²² (Duits - Wirheit) te wete

217. 'n Sosio-ortopedagogiese perspektief op die leefwêreld van die swaksiende kind, met verwysing na enkele belewingsmomente. Ongepubliseerde D.-Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972.

218. Ibid., pp.129-136.

219. Ibid., p.80.

220. Loc.cit.

221. Ibid., p.81.

222. Ibid., p.158.

dat die swaksiende hom anders waag aan die werklikheid, dat hy 'n anderse aanspreeklikheid openbaar soos onder meer, minder verantwoordelikheid,²²³ onwil om gesag te aanvaar en dat hy sy verantwoordelikheid in die klassituasie ontvlug deur die voorhou van sy oogprobleme.

Verder lig Botha deur sy ondersoek toe die "anderse uitgaan na die wêreld, versteurde hoop op toekomstige maatskaplike inskakeling en anderse vervulling van maatskaplike bestemming."²²⁴

Onder elk van hierdie kategorieë van versteurdheid en andersheid word dan 'n reeks van afleidings met betrekking tot die leefwêreld van die swaksiende kind gemaak wat nie as tendense (soos in die geval van Sonnekus) aangedui word nie, maar as "onwegdinkbaar uit die leefwêreld van die swaksiende kind."²²⁵

Die navorser se afleidings wat hy met betrekking tot die swaksiende kind maak, asof dit algemeen geldend sou wees vir alle swaksiendes (überhaupt), kan nie sonder meer aanvaar word nie, veral as daar op die volgende feite gelet word. In 'n ondersoek wat vir 'n Interdepartementele Komitee deur die R.G.N. in 1970 uitgevoer is, is daar vasgestel dat daar moontlik 1 219 swaksiende leerlinge aan gewone skole in die R.S.A. kan wees. Sedertdien is dit vasgestel dat hierdie getal geen ware beeld van die situasie is nie en dat die getalle aansienlik minder is omdat kinders wat 'n bril gebruik in baie gevalle gedurende opname deur onderwysers as "swaksiende" bestempel is.

Nieteenstaande bogenoemde feit, grond Botha sy bevindinge

223. Ibid., p.179.

224. Ibid., pp.160-161.

225. Ibid., p.158.

226. Departement van Hoër Onderwys. Verslag van die Komitee van Onderzoek na die uitbreiding van onderwysgeriewe vir blanke blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, 1970, Bylae D, tabel iv.

en gevolgtrekkings empiries daarop dat daar in 1965, 3 908 swaksiende leerlinge alleen in standerd 6 in die R.S.A. en Suidwes-Afrika sou wees, aangesien hierdie leerlinge hulleself as swaksiende beleef.²²⁷

Twee jaar later neem die ondersoeker 5 leerlinge uit 'n skool vir swaksiendes om in sy fenomenologiese ondersoek te betrek en dan noem hy hierdie vyf leerlinge; "'n verteenwoordigende steekproef"²²⁸ van die 3 908 leerlinge wat deur die empiriese ondersoek as swaksiende bestempel was.

Dat hierdie getal leerlinge (3 908) deur die ondersoeker as swaksiende aanvaar word, word duidelik uit die volgende stelling: "Daar bestaan so 'n groot ooreenkoms tussen die sosio-ortopedagogiese- en belewingssensies in die leefwêreld van die swaksiende kinders in die skool vir swaksiende kinders en die swaksiende kinders in die gewone hoërskool, dat daar gesamentlik na verwys kan word as die leefwêreld van die swaksiende kind."²²⁹

Met betrekking tot die getalle van blanke swaksiende leerlinge aan skole vir swaksiendes in die R.S.A., is die werklike feite dat daar volgens die syfers wat deur die skoolhoofde van dié skole in 1971/1972 verskaf is, 320 leerlinge ingeskryf was.²³⁰

Met betrekking tot die ondersoek waarby die 5 swaksien- de leerlinge uit 'n skool vir swaksiendes betrek was, sonder 'n kontrolegroep van normaalsiende leerlinge, kan daar moontlik tendense aangedui word, maar die verantwoordbaarheid van die stelling dat daar 'n samevattende beeld van die leefwêreld van swaksiende kinders vanuit sosio-ortopedagogiese perspektief aangebied word op grond van die gegewens wat verkry is uit die individuele ondersoeke,²³¹ moet bevraagteken word.

227. Op.cit., p.163.

228. Loc.cit.

229. Ibid., pp.157-158.

230. Kyk bylae A, vraag 1.8.

231. Ibid., p.148.

Na die voorafgaande fenomenologiese beskouinge oor die problematiek van swaksiendheid is dit nodig om kortliks op enkele nie-fenomenologiese standpunte te let.

Pauw,²³² wat in Suid-Afrika vir jare lank in die praktyk gemoeid is met die opvoeding van visueel gestremdes, bepleit gelykberegting vir die visueel gestremde kind in die opvoedingsgebeure. Die swaksiende mag aanspraak maak op elke opvoedingsgeleentheid wat 'n origins "normale" kind ontvang. Die opvoedingsituasie moet vir die gestremde, soos vir die nie-gestremde geskep word.

Die enigste verskil, volgens Pauw,²³³ moet geleë wees in die tegniek en die metodes wat na gelang van bepaalde omstandighede moontlik gewysig of aangepas sal word met inagneming van die spesifieke liggaamsgebrek.

Hierdie siening oorvereenvoudig die probleem van swaksiendheid en plaas beslis nie die swaksiende in psigo-ortopedagogiese perspektief nie.

Niemand sou dit ontken dat die problematiek van swaksiendheid in die eerste instansie die gevolge van 'n fisiese belemmering is nie, maar om net die spesifieke liggaamsgebrek te erken by die onderwysmetodiek en -tegniek, is om die psigologiese, pedagogiese en sosiologiese elemente in die problematiek van swaksiendheid te negeer.

Met die oog op die rehabilitasie van die swaksiende en die opname in die maatskappy, behandel Vaughan die probleem van swaksiendheid uit drie perspektiewe:²³⁴

- a. die fisiese aspek met sy gevolge en die invloed op die persoon as gevolg van pyn, irritasie, hoofpyne, skending van die gelaat en so meer;

232. Pauw, T. Die Godsdienstige en sedelike opvoeding van die gestremde kind. Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria 1967, p.51.

233. Loc.cit.

234. Vaughan, V.H. "Certain factors which affect the rehabilitation of the partially-sighted". Rehabilitation in S.A., Vol. 16, No. 3, pp.81-85.

- b. beperking van visuele aktiwiteite soos onder andere dat die swaksiende nie aan sekere spele kan deelneem nie, verkeersligte en straatname nie kan identifiseer nie en sekere beroepe nie kan beoefen nie;
- c. die eise van die maatskappy, wat van die swaksiende verwag om meer te sien as wat werklik die geval is en die swaksiende gevolglik dwing om voor te doen wat hy nie is nie.

"The community overrates their visual ability and they try to join the game ... the partially sighted live between two worlds; the world of the sighted and the world of the blind. With a strong desire to belong to the world of the sighted but with faulty equipment, they often fail to fit into it, with disastrous consequences."²³⁵

Vaughan kom tot die slotsom²³⁶ dat swaksiendheid soos alle ander gestremdhede 'n modus van lewe behoort te wees vir die gestremde waarin hy deur die opbou van 'n hierargie van waardes, sy liggaamsgebrek kan transendeer om sy menslike bestaan vir homself en vir sy omgewing die moeite werd te maak.

2.5.3 Enkele persoonsbeelde van swaksiende kinders aan die Prinshofskool vir Swaksiendes

Aan die Prinshofskool vorm dit 'n deel van die pligte van die onderwyser-sielkundiges om sogenaamde "sielkundige verslae" van leerlinge aan die skool saam te stel. Hierdie verslae berus op pedagogiese observasie van die leerling, dialoog tussen onderwyser-sielkundige en die leerling en die inskakeling van psigologiese verkenningsmedia soos onder meer die Wartegg-tekenmedium, die menstekening, die boomtekening en voltooiing van sinne, Tematiese appersepsietoets (T.A.T.) en so meer.

Gedurende 'n besoek wat deur skrywer aan die skool afgelê is, is 27 van hierdie persoonlike verslae na willekeur geneem, dit wil sê, geen spesifieke seleksie is gedoen nie en

235. Ibid., p.85.

236. Loc.cit.

'n ontleding is gemaak met betrekking tot die persoonsbeelde wat deur die onderwyser-sielkundiges met verloop van tyd opgestel is.

Die ouderdomme van die leerlinge het, volgens die verslae, gewissel van 11 jaar en 3 maande tot 18 jaar en 9 maande en die I.K.-verspreiding was tussen 100 en 134, soos bepaal deur die toepassing van die N.S.A.I.S.

Daar word geen aanspraak gemaak dat die bevindinge uit hierdie ontleding 'n betroubare beeld is nie, omdat daar nie 'n kontrolegroep van normaalsiende leerlinge by betrek is nie, maar in die lig van die gevolgtrekkings waartoe Sonnekus, Van den Bergh en Van der Hyde gekom het met betrekking tot die wêreld van swaksiendes, word dit betekenisvol as daar op die kommentaar van die onderwyser-sielkundiges, soos dit in hierdie verslae verskyn, gelet word:

1. Met betrekking tot 37,0 persent van die leerlinge was daar aangeteken dat verbale redenering konkreet-funksioneel gebonde was en dat daarmee gepaardgaande 'n onvermoë was tot abstrakte denke.
2. By 22,0 persent van die leerlinge was dit aangedui dat daar neigings tot depressiwiteit was.
3. Angs en spanning was by 36,7 persent van die leerlinge genoteer.
4. Wat beskryf word as "emosionele onstabiliteit" is pertinent in die geval van 29,6 persent van die leerlinge genoteer.
5. Aggressiwiteit het in 'n waarneembare graad by 26,0 persent van die leerlinge voorgekom.
6. 'n Sterk liggaamsbelewing van die gesigsgebrek was by 30,0 persent leerlinge gerapporteer.
7. Oordrewe moederverhouding is in 22,0 persent van die leerlinge waargeneem.
8. Onsekerheid en gevoelens van ongeborgenhed (onveiligheid) was by 55,0 persent van die leerlinge genoteer.
9. Introversie en 'n neiging om hulle van die wêreld te isoleer het by 22,0 persent van die leerlinge voorgekom.
10. In die verslae is daar ook gewag gemaak van swak konsentrasie,

swak toekomspektief en swak implementering van die intelligensie. In laasgenoemde geval was daar die geïsoleerde situasie waar 'n leerling met 'n I.K. van 126, standerds 7, 8 en 9 gedruip het.

Soos in die ondersoek waarby Hijmans van den Bergh betrokke was, moet ook opgemerk word dat die leerlinge wat hier onder oënskou geneem is, nie verteenwoordigend van alle swak-siendes is nie.

Die feit dat hulle pertinent onder die aandag van die onderwyser-sielkundiges gekom het, dui daarop dat hulle reeds probleme van 'n pedagogiese, psigologiese of didaktiese aard in die skool ondervind het en op aktiewe terapie of besondere ortodidaktiese hulp aangewys was.

Die afleiding is dus voor-die-handliggend dat hierdie leerlinge reeds swakker vir die lewe toegerus was, as ander swak-siende kinders.

As hierdie feit in aanmerking geneem word by 'n nadere beskouing van die persentasies wat in die vooraangaande paragrafe aangedui is, is hierdie syfers nie veelseggend nie, en dui dit hoogstens tendense onder die betrokke groep leerlinge aan.

Benewens die vooraangaande ontleding wat van persoonsoebeelde van swak-siende kinders aan die Prinshofskool deur die skrywer gemaak is, het hy ook persoonlike onderhoude gevoer met 'n hoëgraadse swak-siende persoon (4/60 Snellen na korreksie) wat akademies gekwalifiseerd is (B.Sc.) en tans 'n vak-kundige navorsingspos in die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing bekleed.

Genoemde persoon is onder meer gevra om aan die hand van 'n voorgeskrewe skema haar indrukke en bevindinge met betrekking tot die "wêreld van die swak-siende" op skrif te stel. Uiteraard is hierdie beskouinge van 'n enkele individu subjektief gekleur en nie aanvaarbaar as wetenskaplike data nie, maar wel betekenisvol as dit teen die agtergrond gesien word van wat reeds in die verband gesê is. Daarby is dit die beskouinge van 'n persoon wat die nodige gevormdheid besit

om die probleem in 'n mate "gedistansieerd" en introspektief te benader.

Die volgende is enkele mededelings wat tydens hierdie ondersoek gedoen is:²³⁷

1. "Onsekerheid van jouself, van jou vermoëns, van dit wat jy moet en wil doen is van die dinge waarteen die swaksiende die hardste moet stry. Omdat teleurstellings in prestasies en bereiking van doelstellings so dikwels voorkom, is dit nie moeilik om aan jou vermoëns te twyfel nie.
2. "Die grootste vrees by die swaksiende is miskien dat hy nie aan die hoë eise wat aan hom gestel word sal kan voldoen nie, en hy gevolglik nie aanvaar sal word nie.
3. "Die swaksiende leef gedurig met sy gebrek saam, hy rig sy hele lewe, studie, werk en ontspanning daarvolgens in, maar bewustelik belewe hy dit beslis nie voortdurend nie. Onbewustelik kan hy hom egter nie daarvan losmaak nie.
4. "Dat die swaksiende nie net teen sy eie onvermoë veg nie, maar ook teen die weersin en onwil van ander is seker. Daar word te veel aandag aan die swaksiende se onvermoë en beperkings gegee en daar word nie soveel ~~rekering~~ gehou met sy stryd om juis dit te oorwin nie."

In hierdie slotopmerking van die swaksiende persoon wat die voorafgaande getuienis gelewer het, is die primêre kritiek teen die groep genoemde fenomenologiese navorsers vervat, naamlik dat daar so op die andersheid van die swaksiende in negatiewe sin gehamer word en so 'n somber, melankoliese beeld van die swaksiende geskep word dat daar juis afbreuk aan sy menswaardigheid gedoen word. By wyse van illustrasie word die volgende stellings aangehaal:

"Sy singewing van die wêreld is versteur....
Sy dialoog met die wêreld is verskraal
Sy huidige situasie is 'n versteurde situasie

²³⁷. Malan, C.H. "Die wêreld van die swaksiende".
Ongepubliseerde referaat, gebaseer op samesprekings
tydens hierdie ondersoek, pp.18-23.

Sy toekoms is versteurd
basiese lewensomsekerheid
meerdere hulpeloosheid
geremde intelligensie implementering
kognitiewe noodsituasie"238 en so meer.

Ofskoon al hierdie stellings nie sonder meer weerlê kan word nie, is dit opvallend dat uit die literatuur en uit die persoonlike ondersoeke deur die skrywer oorsee, die oordrewe somber siening van die swaksiende kind, nêrens so vooropstaan as onder 'n groep Suid-Afrikaanse navorsers waaronder van die genoemde skrywers tel nie. Die refrein wat by elkeen waargeneem word van die noodsituasie, versteurdheid en so meer, laat die vraag ontstaan wat die pedagoog dan doen? Dit is soos 'n refraksiefout sonder korreksie.

Die waarde van die voorafgaande ondersoeke lê egter daarin dat dit besonder beklemtoon word dat die swaksiende besondere eise aan die onderwys stel. Hoe aan hierdie eise voldoen moet word in die onderwyspraktyk word egter nie 'n antwoord gegee nie.

Ten slotte moet dit sterk beklemtoon word dat daar nie sprake kan wees van 'n sogenaamde "psigologie van die swaksiende", of 'n persoonsbeeld wat tiperend vir alle swaksiende kinders is nie.

Die rede hiervoor is dat elke mens, afgesien van sy spesifieke gestremdheid, 'n eie wyse van dialoogvoering met sy leefwêreld sal openbaar, wat bepaal word deur belewinge en handeling van 'n suiwer persoonlike aard. Al sou die ondersoeke aantoon dat daar wel sprake van gemeenskaplikhede en tendense is, moet dit benadruk word dat veralgemenings wat die besondere individuele andersheid van die persoon miskan uiters aanvegbaar is. In die verband word Berthold Lowenfeld,²³⁹

238. Pretorius, J.W.M. Op.cit., pp.233-234.

239. Lowenfeld, B. Psychological problems of children with impaired vision. In: Psychology of Exceptional Children and Youth. (Ed. Cruickshank, W.M.), pp.272-273.

wanneer hy Pintner aanhaal, se bewering betekenisvol, naamlik dat daar veel onkunde aangaande die swaksiende bestaan vanuit 'n psigologiese standpunt gesien. Lowenfeld skryf dit toe aan die feit dat die swaksiendes 'n "siende kind" is, "and his handicap, if it is one, does not affect him in any different way from other children who slightly deviate from 'the normal.'"²⁴⁰

2.5.4 Die toekomspektief van die swaksiende gesien as beroepsperspektief

Uit die literatuur en ondersoeke met betrekking tot die problematiek van swaksiendheid en die wêreld van die swak=siende, is dit duidelik dat van al die tendense en momente wat daar toegelig word, daar besondere eenstemmigheid bestaan dat die swaksiende se vae toekomspektief in besonder verband hou met die moontlikheid of onmoontlikheid om eendag 'n beroep te kan beoefen.

Hijmans van den Bergh het reeds daarop gewys dat die swaksiende op 'n besondere jeugdige ouderdom met hierdie vraag van beroepsbeoefening in die toekoms worstel en poneer die volgende melankoliese maar treffende stelling: "There is no unequivocal picture of what growing up is going to lead to, and there is no certainty as to the present or future role within family and society."²⁴¹

Van der Hyde²⁴² maak besondere melding in sy ondersoek na die subjek-wêreldverhouding van die swaksiende kind, van die swak waaghouding en swak toekomspektief van hierdie kinders. Hierdie verskynsel het volgens sy ondersoek by 5 uit elke 7 leerlinge voorgekom.²⁴³

Dit het elke keer in sy ondersoek uit die proefpersone se antwoorde duidelik geword dat daar by die swaksiende kinders 'n vrees en belemmering bestaan het met betrekking tot 'n onbekende toekoms, in besonder 'n vae en onsekere

240. Loc.cit.

241. Op.cit., p.306.

242. Op.cit., p.104.

243. Loc.cit.

beroepsperspektief. In die sinne wat deur die leerlinge voltooi moes word het die vertroebelde toekomsvisie telkens en pertinent op die voorgrond getree. Hierdie leerlinge kon nie vir hulle 'n beroepswêreld visualiseer nie.

Uit persoonlike getuienis van ouers van swaksiende kinders wat deur die skrywer gedurende hierdie ondersoek aangehoor is,²⁴⁴ is dit genoem dat die kinders aanvanklik baie gepraat en bespiegel het oor hulle toekoms, maar namate hulle een teleurstelling na die ander op die lyf geloop het, en hulle uitgevind het hoeveel deure vir hulle in die beroepswêreld gesluit is, praat die kinders nie meer oor hulle toekoms nie en die ouers het ook nie 'n antwoord op die kinders se vrae nie.

Cor die aangeleentheid van toekomsprospektief word die volgende getuienis deur 'n hoëgraadse swaksiende, akademies gekwalifiseerde (B.Sc.) dame gelewer:²⁴⁵

"Wat die toekoms betref, beplan en droom die swaksiende, net soos die siende. Hy is ook mens, al het hy 'n gebrek. Hierdie gebrek mag sy lewenswyse beïnvloed en bepaal en behoefte meebring wat die siende nie ken nie. By die keuse van 'n studierigting weet die swaksiende nog nie van die probleme wat hy gaan ondervind om in 'n beroep geplaas te word nie, die vooroordele, afkeure en die eise wat aan hom gestel gaan word nie. Die swaksiende het 'n vrees vir die mislukking, teleurstelling en verwerping omdat hy nie aan alle eise kan voldoen nie soos byvoorbeeld om homself te bewys, te handhaaf en 'n regmatige bydrae in die gemeenskap te lewer nie dit sal noodwendig sy toekomsverwagtings benadeel."

Sonnekus verwys by herhaling na die swak toekomsprospektief en dubieuse toekomsvisie van die swaksiende en beklemtoon dit dat die swaksiende om steungewing vra om hom in staat te stel tot konstituering van sinvolle toekomsontwerp en toekomsprospektief in weerwil van sy gestremde verlede en vir hom nog

244. Kyk bylae F, no. 8.

245. Malan, C.H. In 'n persoonlike onderhoud met die skrywer.

onbekende toekoms.²⁴⁶

In 'n ondersoek wat deur Zaaïman²⁴⁷ uitgevoer is na die beroepsoriënteringsproblematiek van die swaksiende en waarin besondere aandag aan die swaksiende se toekomspektief gewei word, kom sy onder meer tot die gevolgtrekking dat die swaksiende se beroepstoe-koms vir hom geen verte is wat lok nie, maar iets onbegrypbaars waaroor hy bekommerd, huiwerig en angstig voel.

Uit die genoemde ondersoek van Zaaïman het dit geblyk dat 81 persent²⁴⁸ van die swaksiende proefpersone wat sy in haar ondersoek betrek het, bekommerd was oor hulle toekoms en 20 persent was so onseker dat hulle geen beroep in gedagte gehad het nie, terwyl 40 persent 'n ander beroep sou gekies het as hulle beter visie gehad het.

Vir hierdie stelling van Zaaïman het skrywer bevestiging gevind gedurende persoonlike onderhoude met swaksiende leerlinge aan die Worcesterse Skool vir Blindes in hulle laaste skooljaar. Telkens was die antwoord op die vraag watter beroep hulle sou wou beoefen, dat hulle 'n ander beroep sou gekies het, as die een wat hulle nou in vooruitsig het (gewoonlik telefonis), indien hulle gesigsvermoë beter was.

Hierdie sentrale problematiek van 'n swak toekomspektief en swak beroepsintensionaliteit kan nie suksesvol opgelos word solank die beroepswerklikheid vir die swaksiende sinloos, dreigend of sonder enige moontlikhede lyk nie. Hy kan nie op die toekoms gerig wees nie, solank die toekoms en beroepswêreld vir hom vaag, ontoeganklik en selfs vyandig voorkom nie.

Om die swaksiende jeugdige toe te rus, sodat hy binne die grense van sy moontlikhede in 'n beroepstoe-koms kan glo sal dit nodig wees dat die pedagoog hom sal opvoed om sy gebrek te aanvaar, te verwerk en dit aan hom tuis te bring dat

246. Sonnekus, M.C.H. 'n Pedodiagnostiese studie van die gestremde kind. Nasionale konferensie oor die gestremde kind, 1967, p.141.

247. Op.cit., p.40.

248. Op.cit., p.54.

hy wel 'n beroepstoekoms het, sy beperkinge ten spyt. Hier= omtrent beweer Zaaiman dat deur "beroepsoriënteringsterapie"²⁴⁹ wat wesenlik heropvoeding is, die swaksiende geheroriënteer kan word ten aansien van sy beroepsperspektief.

Om die besef van 'n beroepstoekoms aan die swaksiende tuis te bring moet die onderwyser self glo en weet dat doel=treffende beroepsplasing wel moontlik is. Oor die verwesen=liking van hierdie doelstelling in die praktyk sal in 'n latere hoofstuk verder uitgewei word wanneer beroepsplasings=praktyke ter sprake kom.

Benewens die feit dat die swaksiende oortuig moet word dat daar wel vir hom beroepsmoontlikhede bestaan, moet hy ook tot die besef gebring word dat die lewe buite die arbeid ook sinvol is en dat die mens se lewenstaak meer omvat as arbeids=beoefening.²⁵⁰

In hierdie verband het die skool onder meer die beson=dere taak om die swaksiende jeugdige van 'n grondige, doel=treffende en volwaardige beroepskennis te voorsien. Die skool moet die horison van sy wêreld verruim en die grense van sy landskap uitstoot om later die beroepswêreld in te sluit.²⁵¹

Omdat die swaksiende, nieteenstaande sy gestremdheid tot die wêreld van die siendes behoort en hy vir hom 'n beroep in die ope arbeid moet verwerf, het hy groter hulp en beter voorberoepsopleiding nodig as die siende. Deur doeltreffende en volwaardige opleiding ooreenkomstig sy vermoë kan aan die swaksiende 'n positiewe toekomsperspektief en selfvertroue verskaf word. Deur die wete dat hy deeglik toegerus is om die beroepswêreld te betree, kan die beroepswêreld vir die swaksiende die reële beloftes van suksesvolle indiensneming inhou.

249. Ibid., p.60.

250. Ibid., p.76.

251. Van der Stoep, F. Didaktiese Oriëntasie, p.117.

Op die maatskappy rus die taak om aan die swaksiende die geleentheid te bied om op gelyke voet met die siendes sy beroep te beoefen. In hierdie verband bestaan daar groot vooroordeel en onkunde by werkgewers oor die aangeleentheid van swaksiendheid en die potensialiteite van die swaksiende.

Hierdie vooroordeel in die beroepsuktor kan moontlik afgebreek word as die swaksiende as volwaardig en doeltreffend opgeleide werknemer by hom om 'n betrekking aanklop en hom deur sy arbeidsverrigting kan oortuig dat hy vir sy werkgewer winsgewende arbeid kan verrig.

Wanneer pogings aangewend word om vir die swaksiende jeugdige positiewe toekomsmoontlikhede te skep, sal dit ook nodig wees om 'n deeglike beroepsanalise te doen met betrekking tot die beroepe wat toeganklik is vir die swaksiende, soos die vereistes van die beroepe, kwalifikasies wat verlang word, aard van die werk, psigies-geestelike en fisiese eise wat aan die werknemer gestel word, die graad en tipe van gesig wat noodsaaklik is vir die beoefening van die beroep, basiese vaardighede wat verlang word, geskooldheid, werksomstandighede, besoldiging, bevorderingsmoontlikhede, gevare verbonde aan die beroep en so meer.

Deur 'n deeglike beroepsanalise te doen alvorens 'n swaksiende in diens geplaas word, sal verdere frustrasie vir die swaksiende uitgeskakel word en sal voorkom word dat hy in 'n beroep beland waarvoor hy nie opgewasse is nie. Dit sal ook voorkom dat die swaksiende se keuse met betrekking tot 'n beroep onrealisties sal wees, dit wil sê dit sal verhoed dat die swaksiende 'n beroepsrigting kies wat eise aan sy gesig sal stel waaraan hy nie sal kan voldoen nie.

Daar rus egter nog die taak op die beroepsoriënteur, volgens Zaaïman²⁵² om die swaksiende daarop te wys dat, hoe beskeie 'n beroep ookal mag wees, dit sinvol kan wees, deur die wyse en gesindheid waarmee dit beoefen word.

252. Op.cit., pp.76-77.

Aan die swaksiende moet dit tuisgebring word dat daar reeds groot bevrediging te put is, en dat dit 'n voorreg is om lonende werk te kan verrig en selfstandig in jou eie lewensmiddele te kan voorsien sonder om iemand ten laste te wees.

Van die kant van die maatskappy moet daar die wete wees dat dit die swaksiende, binne die beperkinge wat sy gesigs-gestremdheid meebring, se reg is om opgevoed te word tot selfverwesenliking, dit wil sê tot die volle ontwikkeling van sy aangebore gawes, sodat hy onder meer in staat sal wees om in eie behoeftes te voorsien en deur die gemeenskap opgeneem te word.²⁵³

Met betrekking tot die swaksiende se verwagtinge in dié verband, word daar betekenisvolle lig op die aangeleentheid gewerp deur die eerstehandse getuienis van Malan.²⁵⁴

"Sou dit te veel wees as die swaksiende van die siende die mate van begrip vra dat hulle sal besef dat hy ook na selfstandigheid en eie waarde strewe ... die swaksiende wil erken word vir wat hy werd is ... hy vra nie om allerlei voorregte en toegewings nie. Die swaksiende verwag van die siende en die wêreld om aan hom geleenthede te gee. Hy wil in die siende wêreld aanpas. Hy wil homself bewys as waardige lid van die gemeenskap. Hy wil die geleentheid hê om te studeer en te werk soos elke ander mens."

253. Erasmus, M.C. Toespraak by geleentheid van die amptelike opening van die Derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, 1969, p.5.

254. Op.cit., p.28.

2.6 SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstuk is die problematiek van swaksiendheid toegelig deur in die eerste instansie te let op diverse Anglo-Amerikaanse en Wes-Europese sieninge met betrekking tot die twee begrippe "swaksiendheid" en die "swaksiende kind". Daar is aangetoon dat daar moeilik universele aanvaarbare definisies van die twee begrippe bestaan of aangebied kan word omdat soveel bykomstige faktore 'n rol speel by die afbakening van die begrippe.

Ten einde die swaksiende kind in opvoedkundige perspektief vir die doel van hierdie studie te plaas is 'n bondige presisering van die twee begrippe gedoen.

Omdat swaksiendheid verder strek as 'n sintuiglike belemmering is daar in die tweede instansie gelet op die psigologies-pedagogies-didaktiese aspekte van swaksiendheid. Vir hierdie doel is persoonsbeelde van swaksiende kinders toegelig soos dit duidelik geword het uit die werk van verskeie navorsers. 'n Ontleding van persoonsbeelde van enkele swaksiende kinders uit die Prinshofskool in Pretoria is ook deur die skrywer onderneem en daar is in die besonder gelet op korrelasie tussen die bevindinge van kontemporêre navorsers en soos dit uit hierdie genoemde steekproef duidelik geword het.

'n Betekenisvolle bevinding uit al die ondersoeke was dat die swak teekomsperspektief van die swaksiende ten nouste saamhang met sy beroepsmoontlikhede. In die verdere ondersoek en uiteindelijke voorstelle wat met betrekking tot die onderwys van swaksiendes geformuleer mag word, sal daar met hierdie basiese waarheid rekening gehou moet word. Dit is 'n besondere eis wat die swaksiende aan die onderwys stel dat daar voorsiening in die onderwys gemaak sal word vir beroepsgerigte opleiding met die oog op suksesvolle toetrede tot die beroepswêreld.